SUID - AGTER - PAARL - BESPROEIINGSDISTRIK, AFDELING PAARL, KAAPPROVINSIE.—INSTELLING

Nademaal eienaars van nie-oewerplase in die afdeling Paarl, Kaapprovinsie, ingevolge artikel 71 (1) van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956), aan die Minister van Waterwese 'n versoekskrif voorgelê het, waarin vermeld word dat dit na die mening van die petisionarisse wenslik is dat 'n gekombineerde stelsel van waterwerke vir die besproeiing van grond uit die Bergrivier gebou behoort te word, dat die bestaande waterwerke wat vir die besproeiing van sodanige grond en die distribusie van water gebruik word, spesiaal beheer behoort te word, en dat sodanige werke uitgebrei of vergroot of andersins verbeter behoort te word;

En nademaal al die bepalings van genoemde Wet met betrekking tot sodanige versoekskrif nagekom is;

En nademaal die Staatspresident kragtens artikel 74 (1) van genoemde Wet 'n gebied tot 'n besproeiingsdistrik kan verklaar;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 74 (1) van genoemde Wet, hierby verklaar dat die gebied soos beskryf in die Aanhangsel hiervan 'n besproeiingsdistrik uitmaak wat bekend staan as die Suid-Agter-Paarl-besproeiingsdistrik;

En voorts verklaar ek hierby, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 79 (1) van genoemde Wet, dat daar vir genoemde Besproeiingsdistrik 'n besproeiingsraad is wat as die Suid-Agter-Paarl-besproeiingsraad bekend staan.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Sewe-en-twintigste dag van Mei Eenduisend Negehonderd Vyf-en-sewentig.

N. DIEDERICHS, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

H. SCHOEMAN.

AANHANGSEL

BESKRYWING VAN DIE EIENDOMME WAT DIE SUID - AGTER - PAARL - BESPROEIINGSDISTRIK, AFDELING PAARL, KAAPPROVINSIE, UITMAAK

Die volgende onderverdelings van Plaas 1234:

Restant gedeelte.
Gedeelte.

The following subdivisions of the farm Kunnenburg 811:

Portion 14.
Portion 19 (Lot JCB).
Portion 20 (Lot JCC).
Portion 32.
Portion 34.
Portion 38.
Remainder of Portion 37.
Portion 27 (portion of Lot C).

The following subdivisions of the farm Lo Andrie A (815):

Portion 4.
Remaining portion.
Portion 3.
Portion 2.
Portion 1.

The following subdivisions of the farm Zandwyk Railway Reserve 816:

Portion 1.
Remaining portion.

The following subdivisions of the farm Zandwyk A (832):

Remaining Portion 46.
Portion 55.
Portion 51 (portion of Portion 36).
Remaining Portion 36.
Portion 37.
Lot H.
Lot K.
Lot La L.
Lot M.
Lot N.
Lot O.
Lot P.
Lot Q.
Portion 76.
Lot T.
Lot V.
Lot X.
Portion 21.
Remaining portion.
Remaining Portion 33.
Brenthurst, Portion 53 (portion of Portion 33).

The following subdivisions of the farm Diamant 697:

Portion 3.
Remaining portion.

The following subdivision of the farm Diamant 698:

Remaining portion.

The following subdivision of the farm Diamant Estate 700:

Remaining portion.

The following subdivisions of the farm Fairview 703:

Portion 1.
Portion 2.
Remaining portion.

The following subdivisions of the farm Bloemkoolfontein 702:

Remaining Portion 1.
Remaining portion.

The following subdivision of the farm Bloemkoolfontein Annex 701:

Remaining portion.

Die volgende onderverdelings van die plaas Kunnenburg 811:

Gedeelte 14.
Gedeelte 19 (Lot JCB).
Gedeelte 20 (Lot JCC).
Gedeelte 32.
Gedeelte 34.
Gedeelte 38.
Restant van Gedeelte 37.
Gedeelte 27 (gedeelte van Lot C).

Die volgende onderverdelings van die plaas Lo Andrie A (815):

Gedeelte 4.
Restant gedeelte.
Gedeelte 3.
Gedeelte 2.
Gedeelte 1.

Die volgende onderverdelings van die plaas Zandwyk Railway Reserve 816:

Gedeelte 1.
Restant gedeelte.

Die volgende onderverdelings van die plaas Zandwyk A (832):

Restant Gedeelte 46.
Gedeelte 55.
Gedeelte 51 (gedeelte van Gedeelte 36).
Restant Gedeelte 36.
Gedeelte 37.
Lot H.
Lot K.
Lot La L.
Lot M.
Lot N.
Lot O.
Lot P.
Lot Q.
Gedeelte 76.
Lot. T.
Lot V.
Lot X.
Gedeelte 21.
Restant gedeelte.
Restant Gedeelte 33.
Brenthurst, Gedeelte 53 (gedeelte van Gedeelte 33).

Die volgende onderverdelings van die plaas Diamant 697:

Gedeelte 3.
Restant gedeelte.

Die volgende onderverdeling van die plaas Diamant 698:

Restant gedeelte.

Die volgende onderverdeling van die plaas Diamant Estate 700:

Restant gedeelte.

Die volgende onderverdelings van die plaas Fairview 703:

Gedeelte 1.
Gedeelte 2.
Restant gedeelte.

Die volgende onderverdelings van die plaas Bloemkoolfontein 702:

Restant gedeelte 1.
Restant gedeelte.

Die volgende onderverdeling van die plaas Bloemkoolfontein Annex 701:

Restant gedeelte.

The following subdivisions of Farm 786:

Portion 3.
Lot 2.

The following subdivisions of the farm Leeuwenjacht 705:

Portion 1.
Remaining portion.

The following subdivision of the farm Landskroon 708:
Portion Schoongezicht.

The following subdivisions of the farm Landskroon A (709):

Portion 1.
Remaining portion.

The following subdivisions of the farm Klapmuts Perseel 15 (770):

Portion 19.
Portion 18.
Portion 17.
Portion 16.
Portion 15.
Portion 7.
Portion 8.
Portion 9.
Portion 10.
Portion 11.

The following subdivisions of the farm Vrymansfontein 710:

Portion 2.
Portion 7.
Portion 9.

The following subdivision of the farm Vrymansfontein Proper 713:

Portion 1.

The following subdivision of the farm Ruite Valley 483:

Portion 1.
Remaining portion.

The following subdivisions of the farm Ruite Valley B (461):

Remaining portion.

The following subdivisions of the farm Ruite Valley A (484):

Remaining portion.
Portion 1.

The following subdivisions of the farm Koopmanskraal A (462):

Portion 1.
Remaining portion.

The following subdivisions of the farm Van Wyksrivier 781:

Remaining Lot A.
Remaining Lot D of Lot A.

The following farms with all subdivisions:

Morningside 814.
Annex Zandwyk 793.
Redeemed Quitrent Land 704.
Farm 706.
Klapmuts 14 (772).
Klein Landskroon 711.
Vorentoe 485.
Kuilenburg A (464).

Die volgende onderverdelings van Plaas 786:

Gedeelte 3.
Perseel 2.

Die volgende onderverdelings van die plaas Leeuwenjacht 705:

Gedeelte 1.
Restant gedeelte.

Die volgende onderverdeling van die plaas Landskroon 708:

Gedeelte Schoongezicht.

Die volgende onderverdelings van die plaas Landskroon A (709):

Gedeelte 1.
Restant gedeelte.

Die volgende onderverdelings van die plaas Klapmuts Perseel 15 (770):

Gedeelte 19.
Gedeelte 18.
Gedeelte 17.
Gedeelte 16.
Gedeelte 15.
Gedeelte 7.
Gedeelte 8.
Gedeelte 9.
Gedeelte 10.
Gedeelte 11.

Die volgende onderverdelings van die plaas Vrymansfontein 710:

Gedeelte 2.
Gedeelte 7.
Gedeelte 9.

Die volgende onderverdeling van die plaas Vrymansfontein Proper 713:

Gedeelte 1.

Die volgende onderverdelings van die plaas Ruite Valley 483:

Gedeelte 1.
Restant gedeelte.

Die volgende onderverdeling van die plaas Ruite Valley B (461):

Restant gedeelte.

Die volgende onderverdelings van die plaas Ruite Valley A (484):

Restant gedeelte.
Gedeelte 1.

Die volgende onderverdelings van die plaas Koopmanskraal A (462):

Gedeelte 1.
Restant gedeelte.

Die volgende onderverdelings van die plaas Van Wyksrivier 781:

Restant Lot A.
Restant Lot D van Lot A.

Die volgende plase met alle onderverdelings:

Morningside 814.
Annex Zandwyk 793.
Afgeloste-erfpaggrond 704.
Plaas 706.
Klapmuts 14 (772).
Klein Landskroon 711.
Vorentoe 485.
Kuilenburg A (464).

No. 144, 1975

**COMMISSION**

*To:*

THE HONOURABLE DR LUCAS CORNELIUS STEYN.
MR DANIËL VAN DER MERWE BENADÉ.
MR DIRK GYSBERT BRÄSLER.
MR SAMUEL EMDIN.
DR DANIËL GERHARDUS FRANSZEN.
MR WILLIAM LANDSKROON MORRISON.
DR DAVID JOHANNES MOUTON.
MR DENIS GEORGE PAXTON.
MR WILLEM STERNBERG PRETORIUS.
MR FRANCIS JAMES RIDSDALE.
DR JOHANNES LEON WEYERS.

*Greetings*

Whereas I deem it expedient that a Commission be apointed to investigate, to report on, and to submit recommendations regarding the Regulation of Monopolistic Conditions Act, 1955, as mentioned hereinafter;

Now, therefore, by reason of the great trust which I repose in your knowledge, judgement and ability, I do by these presents authorise and appoint you to be Commissioners, and you, Dr Lucas Cornelius Steyn to be Chairman, to enquire into and to report upon—

(a) the tendency to the forming of economic monopolistic power conglomerates in the Republic of South Africa;

(b) the advantages and disadvantages of such conglomerates seen from the point of view of public interest;

(c) the efficacy of the Regulation of Monopolistic Conditions Act, 1955 (Act 24 of 1955), as an instrument to ensure competition in the national economy; and

(d) the legislation which is considered necessary to eliminate economic conglomerates and the limitation of competition which is not deemed to be in the public interest;

and to submit recommendations as to the amendment of the Act.

And I hereby require you to report to me on the subjects as mentioned hereinbefore as soon as possible.

And, in order that you may be better able and in a position to achieve the purposes of this my commission, I hereby give and grant you full power and authority to interrogate all persons whom you may deem it necessary to interrogate in order that you may be better informed with regard to the matters hereby submitted to you for consideration, and with regard to any matters related thereto; to call for, to have access to, to obtain, to inspect and to make extracts from any books, documents, papers and registers of the Government which you may consider necessary and which may contain information on the subjects of this enquiry; and to conduct the investigations into the subjects of this enquiry in any other authorised manner.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Fourth day of June, One thousand Nine hundred and Seventy-five.

N. DIEDERICHS, State President.

By Order of the State President-in-Council:

J. C. HEUNIS.

No. 144, 1975

**OPDRAG**

*Aan:*

SY EDELE DR. LUCAS CORNELIUS STEYN.
MNR. DANIËL VAN DER MERWE BENADÉ.
MNR. DIRK GYSBERT BRÄSLER.
MNR. SAMUEL EMDIN.
DR. DANIËL GERHARDUS FRANSZEN.
MNR. WILLIAM LANDSKROON MORRISON.
DR. DAVID JOHANNES MOUTON.
MNR. DENIS GEORGE PAXTON.
MNR. WILLEM STERNBERG PRETORIUS.
MNR. FRANCIS JAMES RIDSDALE.
DR. JOHANNES LEON WEYERS.

*Saluut*

Nademaal ek dit dienstig ag om 'n Kommissie te benoem om ondersoek in te stel na, verslag te doen oor en aanbevelings voor te lê met betrekking tot die Wysiging van die Wet op Reëling van Monopolistiese Toestande, 1955, soos hieronder vermeld;

So is dit dat ek, aangesien ek groot vertroue in u kennis, oordeel en bekwaamheid het, u hierby magtig en benoem as lede van 'n Kommissie, en u, dr. Lucas Cornelius Steyn, as Voorsitter, om ondersoek in te stel na, en verslag te doen oor—

(a) die neiging tot die vorming van ekonomiese magskonsentrasies in die Republiek van Suid-Afrika;

(b) die voor- en nadele van sodanige magskonsentrasies gesien vanuit die oogpunt van die openbare belang;

(c) die doelmatigheid van die Wet op Reëling van Monopolistiese Toestande, 1955 (Wet 24 van 1955), as 'n instrument wat mededinging in die volkshuishouding kan verseker; en

(d) die wetgewing wat nodig geag word om ekonomiese magskonsentrasies en enige beperkings op mededinging wat nie in die openbare belang geregverdig is nie, uit te skakel;

en om aanbevelings te verstrek in verband met die wysiging van die Wet.

En ek vereis hierby dat u so gou as moontlik aan my oor voormelde sake verslag moet doen.

En, sodat u beter toegerus en in die vermoë sal wees om die doeleindes van hierdie opdrag van my te bereik, gee en verleen ek hierby aan u volle bevoegdheid en gesag om alle persone te ondervra wat, na u mening nodig is om u beter in te lig oor die aangeleenthede wat hierby aan u ter oorweging voorgelê word, of oor enige aangeleentheid wat daarmee in verband staan; om alle boeke, dokumente, stukke en registers van die Regering wat, volgens u oordeel, nodig is en wat inligting kan bevat oor die aangeleenthede van hierdie ondersoek, op te vra, insae daarin te verkry, te ondersoek en uittreksels daaruit te maak; en om op enige ander wettige wyse navraag te doen betreffende die aangeleenthede van die ondersoek.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Vierde dag van Junie Eenduisend Negehonderd Vyf-en-Sewentig.

N. DIEDERICHS, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

J. C. HEUNIS.

No. 145, 1975

COMMISSION OF INQUIRY INTO THE REGULATION OF MONOPOLISTIC CONDITIONS ACT, 1955

Under and by virtue of the powers vested in me by section 1 of the Commissions Act, 1947 (Act 8 of 1947), I hereby declare that the provisions of the said Act shall

No. 145, 1975

KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA DIE WET OP REËLING VAN MONOPOLISTIESE TOESTANDE, 1955

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 1 van die Kommissiewet, 1947 (Wet 8 van 1947), verklaar ek hierby dat die bepalings van genoemde Wet van toepassing

be applicable to the Commission of Inquiry into the Regulation of Monopolistic Conditions Act, 1955 which I have appointed today.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this Fourth day of June, One thousand Nine hundred and Seventy-five.

N. DIEDERICHS, State President.

By Order of the State President-in-Council:

J. C. HEUNIS.

## GOVERNMENT NOTICES

### DEPARTMENT OF AGRICULTURAL CREDIT AND LAND TENURE

No. 1165 13 June 1975

SEA-SHORE ACT, 1935

GRANTING OF AUTHORITY TO THE MUNICIPALITY OF PORT ALFRED TO MAKE REGULATIONS

I, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister of Agriculture, acting under the powers vested in me by section 10 (1) of the Sea-shore Act, 1935 (Act 21 of 1935), hereby authorise the municipality of Port Alfred to make, with my approval, regulations which shall be applicable to the sea-shore and the sea situate within or adjoining the area of jurisdiction of the said Municipality.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister of Agriculture.

(2/5/25/2/1/21)

No. 1166 13 June 1975

SEA-SHORE ACT, 1935

GRANTING OF AUTHORITY TO THE DIVISIONAL COUNCIL OF BREDASDORP TO MAKE REGULATIONS

I, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister of Agriculture, acting under the powers vested in me by section 10 (1) of the Sea-shore Act, 1935 (Act 21 of 1935), hereby authorise the Divisional Council of Bredasdorp to make, with my approval, regulations which shall be applicable to the sea-shore and the sea situate within or adjoining the area of Jurisdiction of the said Divisional Council.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister of Agriculture.

(2/5/25/2/1/29)

### DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT

No. 1168 13 June 1975

BANTU AFFAIRS ADMINISTRATION BOARD FOR THE HIGHVELD AREA. — DESCRIPTION OF BANTU RESIDENTIAL AREA SITUATE AT HENDRINA

I, Willem Adriaan Cruywagen, Deputy Minister of Bantu Affairs, hereby describe on behalf of the Minister of Bantu Administration and Development, under the powers vested in him by section 2 (1)*bis* of the Bantu (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act 25 of 1945), the land, as set out in the Schedule hereto, situate within the area of jurisdiction of the Bantu Affairs Administration Board for the Highveld area at Hendrina, which has been defined and set apart as a Bantu residential area in terms of section 2 (1) (a) and (b) of the said Act.

W. A. CRUYWAGEN, Deputy Minister of Bantu Affairs.

(File A6/5/2/H34)

is op die Kommissie van Ondersoek na die Wet op Reëling van Monopolistiese Toestande, 1955, wat ek vandag benoem het.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Vierde dag van Junie Eenduisend Negehonderd Vyf-en-sewentig.

N. DIEDERICHS, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

J. C. HEUNIS.

## GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

### DEPARTEMENT VAN LANBOUKREDIET EN GRONDBESIT

No. 1165 13 Junie 1975

STRANDWET, 1935

VERLENING VAN MAGTIGING AAN DIE MUNISIPALITEIT VAN PORT ALFRED OM REGULASIES UIT TE VAARDIG

Ek, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister van Landbou, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Strandwet, 1935 (Wet 21 van 1935), magtig hierby die munisipaliteit Port Alfred om met my goedkeuring regulasies uit te vaardig wat van toepassing is op die strand en die see wat binne die regsgebied van genoemde munisipaliteit geleë is of daaraan grens.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister van Landbou.

(2/5/25/2/1/21)

No. 1166 13 Junie 1975

STRANDWET, 1935

VERLENING VAN MAGTIGING AAN DIE AFDELINGSRAAD VAN BREDASDORP OM REGULASIES UIT TE VAARDIG

Ek, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister van Landbou, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Strandwet, 1935 (Wet 21 van 1935), magtig hierby die Afdelingsraad van Bredasdorp om met my goedkeuring regulasies uit te vaardig wat van toepassing is op die strand en die see wat binne die regsgebied van genoemde Afdelingsraad geleë is of daaraan grens.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister van Landbou.

(2/5/25/2/1/29)

### DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING

No. 1168 13 Junie 1975

BANTOESAKE-ADMINISTRASIERAAD VIR DIE HOËVELDGEBIED. — OMSKRYWING VAN BANTOEWOONGEBIED GELEË TE HENDRINA

Ek, Willem Adriaan Cruywagen, Adjunk-minister van Bantoesake, omskryf hierby, namens die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 2 (1)*bis* van die Bantoes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet 25 van 1945), die grond, soos uiteengesit in die Bylae hiervan, geleë binne die regsgebied van die Bantoesake-administrasieraad vir die Hoëveldgebied te Hendrina, wat kragtens die bepalings van artikel 2 (1) (a) en (b) van genoemde Wet as 'n Bantoewoongebied bepaal en afgesonder is.

W. A. CRUYWAGEN, Adjunk-minister van Bantoesake.

(Lêer A6/5/2/H34)

SCHEDULE

A certain area of land, 114,111 1 hectares in extent, being Portion 18 (a portion of Portion 7) of the farm Boschmanspan 180 IS, situate within the administration area of the Bantu Affairs Administration Board for the Highveld Area at Hendrina, Transvaal, as shown on Diagram SG A618/74 which has been approved by the Surveyor-General.

No. 1169 13 June 1975

The following Government Notice, issued by the Government of kwaZulu, is published for general information:

KWAZULU GOVERNMENT

KWAZULU GOVERNMENT NOTICE 19 OF 1975

MODIFICATION OF THE AREAS AND REDETERMINATION OF THE NUMBER OF MEMBERS OF—

(i) THE VULAMEHLO REGIONAL AUTHORITY;
(ii) THE KANYA MASIKWAKITHI REGIONAL AUTHORITY;
(iii) THE ZAMINDHLELA REGIONAL AUTHORITY; AND
(iv) THE UKUKANYAKUFIKILE REGIONAL AUTHORITY

The Executive Council of kwaZulu has been pleased, under and by virtue of the powers vested in it by sections 2 (1) (b) and 3 (1) (b) of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act 68 of 1951), read with section 22 of the Bantu Homelands Constitution Act, 1971 (Act 21 of 1971), and item 30 of Schedule 1 to the said Bantu Homelands Constitution Act, 1971, to modify the areas of the following regional authorities and to redetermine the number of members of certain of such regional authorities:

(i) The Vulamehlo Regional Authority, established by Government Notice 4 of 1961;
(ii) the Kanya Masikwakithi Regional Authority, established by Government Notice 1108 of 1963;
(iii) the Zamindhlela Regional Authority, established by Government Notice 463 of 1970; and
(iv) the Ukukanyakufikile Regional Authority, established by Government Notice 1687 of 1960.

It is accordingly necessary to amend the Government notices by which the said regional authorities were established, in accordance with the accompanying Schedule.

(File R218/6)

SCHEDULE

1. Government Notice 4 of 1961 is amended by—

(a) the substitution for subparagraphs 1, 2, 3, 4 and 5 of paragraph (1) of the following subparagraphs:
"(i) the Qiko Tribal Authority, established by Government Notice 294 of 1959;
(ii) the Zembeni Tribal Authority, established by Government Notice 1018 of 1958;
(iii) the Cele Tribal Authority, established by Government Notice 909 of 1959;
(iv) the Mbhele Tribal Authority, established by Government Notice 912 of 1959;
(v) the Shiyabanye Tribal Authority, established by Government Notice 3095 of 1969.";

(b) the substitution of "15" for "21" in paragraph 2.

2. Government Notice 1108 of 1963, as amended, is further amended by—

(a) the substitution for subparagraphs (a), (b) (c), (d) and (e) of paragraph (1) of the following subparagraphs:—

"(i) the Hlongwa Tribal Authority, established by Government Notice 1018 of 1958;

BYLAE

'n Sekere stuk grond, groot 114,111 1 hektaar, synde Gedeelte 18 ('n gedeelte van Gedeelte 7) van die plaas Boschmanspan 180 IS, geleë binne die administrasiegebied van die Bantoesake-administrasieraad vir die Hoëveldgebied te Hendrina, Transvaal, soos getoon op Kaart LG A618/74 wat deur die Landmeter-generaal goedgekeur is.

No. 1169 13 Junie 1975

Die volgende Goewermentskennisgewing, uitgereik deur die Regering van kwaZulu, word vir algemene inligting gepubliseer:

KWAZULU-REGERING

KWAZULU-GOEWERMENTSKENNISGEWING 19 VAN 1975

VERANDERING VAN DIE GEBIEDE EN HERBEPALING VAN DIE GETAL LEDE VAN—

(i) DIE VULAMEHLO-STREEKSOWERHEID;
(ii) DIE KANYA MASIKWAKITHI-STREEKSOWERHEID;
(iii) DIE ZAMINDHLELA-STREEKSOWERHEID; EN
(iv) DIE UKUKANYAKUFIKILE - STREEKSOWERHEID

Dit het die Uitvoerende Raad van kwaZulu behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikels 2 (1) (b) en 3 (1) (b) van die Wet op Bantoeowerhede, 1951 (Wet 68 van 1951), gelees met artikel 22 en item 30 van Bylae 1 van die Grondwet van die Bantoetuislande, 1971 (Wet 21 van 1971), die gebied van die volgende streeksowerhede te verander en die getal lede van sodanige streeksowerhede te herbepaal:

(i) Die Vulamehlo-streeksowerheid, ingestel by Goewermentskennisgewing 4 van 1961;
(ii) die Kanya Masikwakithi-streeksowerheid, ingestel by Goewermentskennisgewing 1108 van 1963;
(iii) die Zamindhlela-streeksowerheid, ingestel by Goewermentskennisgewing 463 van 1970; en
(iv) die Ukukanyakufikile-streeksowerheid, ingestel by Goewermentskennisgewing 1687 van 1960.

Gevolglik is dit nodig om die Goewermentskennisgewings waarby genoemde streeksowerhede ingestel is te wysig ingevolge bygaande Bylae.

(Lêer R218/6)

BYLAE

1. Goewermentskennisgewing 4 van 1961 word gewysig deur—

(a) die vervanging van subparagrawe 1, 2, 3, 4 en 5 van paragraaf (1) deur die volgende subparagrawe:

"(i) die Qiko-stamowerheid, ingestel by Goewermentskennisgewing 294 van 1959;
(ii) die Zembeni-stamowerheid, ingestel by Goewermentskennisgewing 1018 van 1958;
(iii) die Cele-stamowerheid, ingestel by Goewermentskennisgewing 909 van 1959;
(iv) die Mbhele-stamowerheid, ingestel by Goewermentskennisgewing 912 van 1959;
(v) die Shiyabanye-stamowerheid, ingestel by Goewermentskennisgewing 3095 van 1969.";

(b) die vervanging van "21" deur "15" in paragraaf 2.

2. Goewermentskennisgewing 1108 van 1963, soos gewysig, word verder gewysig deur—

(a) die vervanging van subparagrawe (a), (b), (c), (d) en (e) van paragraaf (1) deur die volgende subparagrawe:

"(i) die Hlongwa-stamowerheid, ingestel by Goewermentskennisgewing 1018 van 1958;

(ii) the Thulini Tribal Authority, established by Government Notice 1018 of 1958;
(iii) the Cele Tribal Authority, established by Government Notice 748 of 1961;
(iv) the Nhlangwini Tribal Authority, established by Government Notice 1057 of 1959;
(v) the Madlala Tribal Authority, established by Government Notice 1383 of 1959;
(vi) the Qwabe Tribal Authority, established by Government Notice 1018 of 1958;
(vii) the Bekani Tribal Authority, established by Government Notice 1380 of 1959;
(viii) the Lushaba Tribal Authority, established by Government Notice 747 of 1961;
(ix) the Dunge Tribal Authority established by Government Notice 137 of 1968;
(x) the Qwabe Tribal Authority, established by Government Notice 1072 of 1967;
(xi) the Ndelu Tribal Authority, established by Government Notice 1654 of 1968.";

(b) the substitution of "33" for "15" in paragraph (2).

3. Government Notice 463 of 1970 is amended by—

(a) the deletion of the word "and" and the end of subparagraph (g) of paragraph (1) and the insertion of the following subparagraphs after subparagraph (h) of paragraph (1):

"(i) the Nsimbini Tribal Authority, established by Government Notice 1238 of 1959;

(j) the Mzimakwe Tribal Authority, established by Government Notice 1383 of 1959;

(k) the Xolo Tribal Authority, established by Government Notice 1383 of 1959;

(l) the Mvundla Tribal Authority, established by Government Notice 690 of 1968.";

(b) the substitution of "36" for "16" in paragraph (2).

4. Government Notice 1687 of 1960 is amended by the deletion of paragraphs (1) and (2).

## DEPARTMENT OF COLOURED, REHOBOTH AND NAMA RELATIONS

No. 1157 13 June 1975

### PROROGATION AND SUMMONING OF THE COLOURED PERSONS REPRESENTATIVE COUNCIL

It is hereby notified for general information that under the powers vested in him by section 15 (2) of the Coloured Persons Representative Council Act, No. 49 of 1964, the Minister of Coloured, Rehoboth and Nama Relations prorogued the Coloured Persons Representative Council on 13 May 1975 until 5 September 1975, on which date the Second Session of the Second Coloured Persons Representative Council of the Republic of South Africa will commence for the dispatch of business.

## DEPARTMENT OF FINANCE

No. 1144 13 June 1975

### TENDERS FOR FIVE YEAR NON-RESIDENT BONDS

Tenders will close at 11h00 on 1 July 1975 for Five Year Non-Resident Bonds to the value of approximately R1 000 000 (one million rand) at a minumum price of R85% (eighty-five rand per cent) on the terms and conditions stipulated in the prospectus dated 1 July 1964.

Prospectuses are obtainable from banks in the Republic and South-West Africa as well as from the Treasury, Union Buildings, Pretoria.

Each tender must be accompanied by a separate cheque.

(ii) die Thulini-stamowerheid, ingestel by Goewermentskennisgewing 1018 van 1958;
(iii) die Cele-stamowerheid, ingestel by Goewermentskennisgewing 748 van 1961;
(iv) die Nhlangwini-stamowerheid, ingestel by Goewermentskennisgewing 1057 van 1959;
(v) die Madlala-stamowerheid, ingestel by Goewermentskennisgewing 1383 van 1959;
(vi) die Qwabe-stamowerheid, ingestel by Goewermentskennisgewing 1018 van 1958;
(vii) die Bekani-stamowerheid, ingestel by Goewermentskennisgewing 1380 van 1959;
(viii) die Lushaba-stamowerheid, ingestel by Goewermentskennisgewing 747 van 1961;
(ix) die Dunge-stamowerheid, ingestel by Goewermentskennisgewing 137 van 1968;
(x) die Qwabe-stamowerheid, ingestel by Goewermentskennisgewing 1072 van 1967;
(xi die Ndelu-stamowerheid, ingestel by Goewermentskennisgewing 1654 van 1968.";

(b) die vervanging van "15" deur "33" in paragraaf (2).

3. Goewermentskennisgewing 463 van 1970 word gewysig deur—

(a) die skraping van die woord "en" aan die einde van subparagraaf (g) van paragraaf (1) en die invoeging van die volgende subparagraaf na subparagraaf (h) van paragraaf (1):

"(i) die Nsimbini-stamowerheid, ingestel by Goewermentskennisgewing 1238 van 1959;

(j) die Mzimakwe-stamowerheid, ingestel by Goewermentskennisgewing 1383 van 1959;

(k) die Xolo-stamowerheid, ingestel by Goewermentskennisgewing 1383 van 1959;

(l) die Mvundla-stamowerheid, ingestel by Goewermentskennisgewing 690 van 1968.";

(b) die vervanging van "16" deur "36" in paragraaf (2).

4. Goewermentskennisgewing 1678 van 1960 word gewysig deur die skraping van paragrawe (1) en (2).

## DEPARTEMENT VAN KLEURLING-, REHOBOTH- EN NAMABETREKKINGE

No. 1157 13 Junie 1975

### PROROGASIE EN BYEENROEPING VAN DIE VERTEENWOORDIGENDE KLEURLINGRAAD

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Kleurling-, Rehoboth- en Namabetrekkinge kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 15 (2) van die Wet op die Verteenwoordigende Kleurlingraad, No. 49 van 1964, die Verteenwoordigende Kleurlingraad op 13 Mei 1975 tot 5 September 1975 geprorogeer het, op welke datum die Tweede Sessie van die Tweede Verteenwoordigende Kleurlingraad van die Republiek van Suid-Afrika 'n aanvang sal neem vir die afhandeling van sake.

## DEPARTEMENT VAN FINANSIES

No. 1144 13 Junie 1975

### TENDERS VIR VYFJAAR-OBLIGASIES VIR NIE-INWONERS

Tenders sal om 11h00 op 1 Julie 1975 sluit vir Vyfjaar-obligasies vir Nie-inwoners, ter waarde van ongeveer R1 000 000 (eenmiljoen rand) teen 'n minimum prys van R85% (vyf-en-tagtig rand persent) op die terme en voorwaardes soos neergelê in die prospektus gedateer 1 Julie 1964.

Prospektusse is by banke in die Republiek en Suidwes-Afrika sowel as die Tesourie, Uniegebou, Pretoria, verkrygbaar.

Elke tender moet van 'n aparte tjek vergesel gaan.

No. 1162 13 June 1975

Statement of Revenue and Loan Recoveries collected during the period 1 April 1975 to 30 April 1975.
Treasury, Pretoria.

No. 1162 13 Junie 1975

Staat van Inkomste en Leningsverhalings ingevorder gedurende die tydperk 1 April 1975 tot 30 April 1975.
Tesourie, Pretoria.

| Heads of Revenue | Hoofde van Inkomste | Collections for year ended 31 March 1975 Ingevorder vir die jaar geëindig 31 Maart 1975 | Month of April Maand April 1975 | Month of April Maand April 1974 |
|---|---|---|---|---|
| | | R | R | R |
| *On the Revenue Account* | *Op Inkomsterekening* | | | |
| Customs and Excise— | Doeane en Aksyns— | | | |
| Customs Duties: | Doeaneregte: | | | |
| Customs | Doeane | 300 924 831 | 26 782 697 | 21 691 607 |
| Excise Duties: | Aksynsregte: | | | |
| Beer | Bier | 104 091 681 | 8 874 172 | 8 039 574 |
| Wine | Wyn | 14 589 622 | 976 655 | 1 101 958 |
| Spirits | Spiritus | 137 340 017 | 11 282 189 | 9 004 392 |
| Acetic Acid | Asynsuur | 78 260 | 2 980 | 4 098 |
| Cigarettes and Cigarette Tobacco | Sigarette en Sigarettabak | 144 641 166 | 18 116 127 | 11 387 592 |
| Pipe Tobacco and Cigars | Pyptabak en Sigare | 14 692 583 | 784 532 | 1 064 717 |
| Petroleum Products | Petroleum Produkte | 79 590 581 | 4 096 045 | 6 942 203 |
| Motor-cars | Motorkarre | 32 970 341 | 369 561 | — |
| Mineral Water | Mineraalwater | 948 180 | 82 512 | 75 199 |
| Bantu Beer | Bantoebier | 2 519 458 | 207 487 | 235 574 |
| | | 531 461 889 | 44 792 260 | 37 855 307 |
| Miscellaneous | Diverse | 7 818 055 | 1 620 373 | 3 035 693 |
| | | 840 204 775 | 73 195 330 | 62 582 607 |
| (a) Transfer to S.W.A. Account | (a) Oordrag na S.W.A. Rekening | Dr 21 500 000 | Dr 1 500 000 | Dr 1 250 000 |
| | | 818 704 775 | 71 695 330 | 61 332 607 |
| Sales Duty | Verkoopreg | 181 499 007 | 19 734 542 | 18 834 332 |
| | R | 1 000 203 782 | 91 429 872 | 80 166 939 |
| Inland Revenue— | Binnelandse Inkomste— | | | |
| Mining— | Mynbedryf— | | | |
| Licences and Mynpacht Dues | Lisensies en Mynpagregte | 884 282 | 116 672 | 97 009 |
| State Diamond Diggings | Staatsdiamantdelwerye | 6 157 640 | — | — |
| Income Tax | Inkomstebelasting | 2 862 489 564 | 165 317 171 | 127 430 920 |
| Non-Resident Shareholders' Tax | Belasting op Buitelandse Aandeelhouers | 83 261 816 | 8 120 190 | 3 147 745 |
| Non-Resident's Tax on Interest | Rentebelasting op Buitelanders | 8 712 020 | 1 225 472 | 834 930 |
| Undistributed Profits Tax | Belasting op Onuitgekeerde Winste | 5 969 551 | 349 125 | 247 413 |
| Donations Tax | Belasting op Geskenke | 1 224 593 | 80 210 | 94 363 |
| Licences | Lisensies | 1 365 755 | 28 953 | 104 423 |
| Stamp Duties and Fees | Seëlregte en Gelde | 81 011 240 | 5 002 607 | 6 045 617 |
| Bantu General Tax | Bantoe Algemene Belasting | 944 352 | 1 142 616 | 1 077 043 |
| Bantu Pass and Compound Fees | Bantoepas- en Kamponggelde | 5 655 | 690 | 371 |
| Fines and Forfeitures | Boetes en Verbeurdverklarings | 12 900 711 | 851 512 | 828 270 |
| Quitrents and Farm Taxes | Erfpag en Plaasbelastings | 6 745 | 354 | — |
| Forest Revenue | Bosinkomste | 3 000 000 | 1 679 994 | 975 722 |
| Recoveries of Advances | Afbetalings van Voorskotte | 1 951 410 | 67 098 | 98 408 |
| Transfer Duty | Hereregte | 63 129 989 | 4 422 516 | 5 604 259 |
| Tax on Purchase and Sale of Marketable Securities | Belasting op die Koop en Verkoop van Handelseffekte | 21 484 804 | 1 022 634 | 3 215 174 |
| Cinematograph Films Tax | Kinematograaffilmsbelasting | 1 938 077 | 185 699 | 167 152 |
| Departmental and Miscellaneous Receipts | Departementele en Diverse Ontvangste | 146 302 120 | 2 862 746 | 1 955 155 |
| Interest | Rente | 172 249 469 | 20 872 276 | 16 376 107 |
| | R | 3 474 989 793 | 213 348 535 | 168 300 081 |
| | R | 4 475 193 575 | 304 778 407 | 248 467 020 |
| (b) South African Bantu Trust Fund | (b) Suid-Afrikaanse Bantoetrustfonds | 6 865 589 | 238 016 | 126 735 |
| (c) National Road Fund | (c) Nasionale Padfonds | 92 383 189 | 7 000 000 | 6 000 000 |
| (d) Bantu Transport Services Account | (d) Rekening vir Bantoevervoerdienste | 6 055 686 | 643 297 | 274 861 |
| (e) Bantu Beer Research Fund | (e) Fonds vir Bantoebiernavorsing | 84 580 | — | — |
| (f) South-West Africa Territorial Revenue Fund | (f) Suidwes-Afrika Gebiedsinkomstefonds | 4 400 000 | 350 000 | 300 000 |
| (g) Special Defence Account | (g) Spesiale Verdedigingsrekening | 10 116 | — | — |
| Strategic Oil Fund | Strategiese Oliefonds | — | 7 000 000 | — |
| | R | 109 799 160 | 15 231 313 | 6 701 596 |
| | R | 4 584 992 735 | 320 009 720 | 255 168 616 |
| *On Loan Account* | *Op Leningsrekening* | | | |
| State Ownership Revenue on Diamond Mines | Staatseiendomsreginkomste op Diamantmyne | 12 523 693 | 1 788 | 34 732 |
| Export Duty on Diamonds | Uitvoerbelasting op Diamante | 9 036 014 | 651 204 | 556 228 |
| Gold Mining Leases | Goudmynhuurkontrakte | 181 764 228 | 15 | — |
| Other Mining Leases | Ander Mynhuurkontrakte | 12 819 313 | 3 096 | 30 772 |
| State Diamond Diggings | Staatsdiamantdelwerye | 4 382 700 | 931 445 | — |
| Estate Duties | Boedelbelastirg | 34 612 132 | 2 826 970 | 1 570 480 |
| Rents of State Property | Huurgelde van Staatseiendom | 7 652 749 | 156 654 | 129 384 |
| Forestry | Bosbou | 16 874 315 | — | — |
| Sales of State Land | Verkopings van Staatsgrond | 4 048 363 | — | — |
| Miscellaneous | Diverse | 59 072 070 | 801 838 | 1 378 071 |
| | R | 342 785 577 | 5 373 010 | 3 699 667 |
| | R | 4 927 778 312 | 325 382 730 | 258 868 283 |
| *On the South-West Africa Account* | *Op Suidwes-Afrikarekening* | | | |
| Customs and Excise | Doeane en Aksyns | 21 500 000 | 1 500 000 | 1 250 000 |
| Inland Revenue | Binnelandse Inkomste | 103 700 870 | 819 413 | 3 331 338 |
| | R | 125 200 870 | 2 319 413 | 4 581 338 |
| (h) S.W.A. Territorial Revenue Fund | (h) S.W.A. Gebiedsinkomstefonds | 2 649 826 | — | — |
| (i) South-West Finance Corporation Ltd. | (i) South-West Finance Corporation Ltd. | 4 696 312 | — | — |
| | R | 132 547 008 | — | 4 581 338 |
| Total | Totaal R | 5 060 325 320 | 327 702 143 | 263 449 621 |

| Heads of Revenue | Hoofde van Inkomste | Collections for year ended 31 March 1975 Ingevorder vir die jaar geëindig 31 Maart 1975 | Month of April Maand April | |
|---|---|---|---|---|
| | | | 1975 | 1974 |
| Reconciliation with statement published by Government Notice 966 in *Government Gazette* of 16 May 1975 | Ooreenbrenging met opgaaf gepubliseer by Goewerments-kennisgewing 966 in *Staatskoerant* van 16 Mei 1975 | R | R | R |
| In Transit, 31 March 1975 | Onderweg, 31 Maart 1975 | — | 23 190 054 | — |
| Collections, as above | Invorderings soos hierbo | — | 327 702 143 | — |
| | R | — | 350 892 197 | — |
| In Transit, 30 April 1975 | Onderweg, 30 April 1975 | — | 12 923 780 | — |
| Received into Exchequer | In Skatkis ontvang R | — | 337 968 417 | — |

(a) Section 22 (1) (d) of Act 25 of 1969.
(b) Act 92 of 1969.
(c) Act 54 of 1971.
(d) Section 5 of Act 53 of 1957.
(e) Section 19*bis* (1) (a) of Act 63 of 1962.
(f) Section 22 (4) (a) of Act 25 of 1969.
(g) Act 6 of 1974.
(h) Section 22 (c) of Act 25 of 1969.
(i) Section 5 of Ordinance 21 of 1953.

(a) Artikel 22 (1) (d) van Wet 25 van 1969.
(b) Wet 92 van 1969.
(c) Wet 54 van 1971.
(d) Artikel 5 van Wet 53 van 1957.
(e) Artikel 19*bis* (1) (a) van Wet 63 van 1962.
(f) Artikel 22 (4) (a) van Wet 25 van 1969.
(g) Wet 6 van 1974.
(h) Artikel 22 (c) van Wet 25 van 1969.
(i) Artikel 5 van Ordonnansie 21 van 1953.

No. 1152 13 June/Junie 1975

STATEMENT OF PROVINCIAL REVENUE COLLECTIONS (INCLUDING COLLECTIONS DIRECT BY PROVINCES)
FROM 1 APRIL 1974 TO 31 MARCH 1975
STAAT VAN INVORDERINGS VAN PROVINSIALE INKOMSTE (MET INBEGRIP VAN DIREKTE INVORDERINGS DEUR PROVINSIES)
VANAF 1 APRIL 1974 TOT 31 MAART 1975

| Heads of Revenue Hoofde van Inkomste | Cape of Good Hope Kaap die Goeie Hoop | | Natal | | Transvaal | | Orange Free State Oranje-Vrystaat | | Totals Totale | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1/3/75–31/3/75 | 1/4/74–31/3/75 | 1/3/75–31/3/75 | 1/4/74–13/3/75 | 1/3/75–31/3/75 | 1/4/74–31/3/75 | 1/3/75–31/3/75 | 1/4/74–31/3/75 | 1/3/75–31/3/75 | 1/4/74–31/3/75 |
| Sources of Revenue Transferred/Bronne van Inkomste Oorgedra | R | R | R | R | R | R | R | R | R | R |
| Licences—Lisensies— Dog, Fish and Game Hond, Vis en Wild | 1 529 | 50 784 | 19 436 | 146 513 | 31 988 | 359 887 | 138 789 | 351 862 | 191 742 | 909 046 |
| Motor Vehicles Motorvoertuie | 7 350 943 | 25 569 926 | 1 697 961 | 13 768 961 | 16 630 512 | 38 645 697 | 1 582 797 | 6 284 954 | 27 262 213 | 84 269 538 |
| Miscellaneous—Diverse— Education Receipts Onderwysontvangste | 775 840 | 4 453 005 | 50 835 | 1 060 989 | 303 688 | 3 721 101 | 92 272 | 1 798 111 | 1 222 635 | 11 033 206 |
| Hospital Receipts Hospitaalontvangste | 913 902 | 10 098 695 | 490 484 | 5 727 686 | 1 227 010 | 13 036 305 | 225 335 | 2 288 927 | 2 856 731 | 31 151 613 |
| Other Receipts Ander Ontvangste | 132 843 | 2 606 815 | 127 227 | 1 616 442 | 1 358 243 | 6 872 709 | 227 855 | 2 520 278 | 1 846 168 | 13 616 244 |
| Fines and Forfeitures Boetes en Verbeurdverklarings | DT 14 483 | 26 381 | 54 613 | 476 613 | 193 192 | 2 029 348 | 31 667 | 394 447 | 264 989 | 2 926 789 |
| Auction Dues Venduregte | — | — | 10 694 | 101 905 | — | — | 10 174 | 425 704 | 20 868 | 527 609 |
| Entertainment Tax Belasting op Vermaaklikhede | 107 318 | 1 260 120 | — | — | — | — | 42 872 | 504 088 | 150 190 | 1 764 208 |
| Racing and Betting Taxation Belasting op Wedrenne en Weddenskappe | 400 889 | 3 913 283 | 316 682 | 4 913 617 | 691 976 | 9 067 726 | 58 365 | 627 444 | 1 467 912 | 18 522 070 |
| Wheel Tax Wielbelasting | — | — | 1 419 | 1 650 | — | — | 12 480 | 71 216 | 13 899 | 72 866 |
| Bantu Hospital Tax and Contributions Bantoehospitaalbelasting en Bydraes | — | — | — | — | — | — | 5 941 | 61 808 | 5 941 | 61 808 |
| Totals—Total R | 9 668 781 | 47 979 009 | 2 769 351 | 27 814 376 | 20 436 609 | 73 732 773 | 2 428 547 | 15 328 839 | 35 303 288 | 164 854 997 |
| Totals—Totale (1973–74) R | 8 281 855 | 38 022 990 | 2 989 014 | 22 583 329 | 17 359 532 | 58 928 409 | 2 913 830 | 13 033 852 | 31 544 231 | 132 568 580 |

Treasury/Tesourie
Pretoria

A. J. PRETORIUS
Secretary to the Treasury/Sekretaris van die Tesourie

No. 1164 13 June 1975

Notice is hereby given that the transfer books of the undermentioned local registered stocks will be closed from 15 June 1975 to 15 July 1975, both days inclusive, and that the interest due on 15 July 1975 will be paid to the stockholders registered at the date of the closing of the transfer books:

Local Registered Stock, 5 Per Cent, 1980.
Local Registered Stock, 6½ Per Cent, 1993.

No. 1164 13 Junie 1975

Hierby word bekendgemaak dat die oordragboeke van ondergenoemde plaaslike geregistreerde effekte van 15 Junie 1975 tot en met 15 Julie 1975 gesluit sal wees en dat die rente betaalbaar op 15 Julie 1975 aan die effektebesitters wat op die datum van sluiting van die oordragboeke geregistreer is, betaal sal word:

Plaaslike Geregistreerde Effekte, 5 Persent, 1980.
Plaaslike Geregistreerde Effekte, 6½ Persent, 1993.

## DEPARTMENT OF FOREIGN AFFAIRS

No. 1154 13 June 1975

It is hereby notified that the area of jurisdiction of Consular Officers of the Federal Republic of Germany, serving at the Consulate-General in Johannesburg, has been amended to comprise, with effect from 14 May 1975, the Provinces of the Orange Free State and the Transvaal.

## DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE

No. 1154 13 Junie 1975

Hierby word bekendgemaak dat die regsgebied van Konsulêre Beamptes van die Bondsrepubliek Duitsland, verbonde aan die Konsulaat-generaal in Johannesburg, met ingang van 14 Mei 1975 gewysig is sodat dit bestaan uit die provinsies die Oranje-Vrystaat en Transvaal.

No. 1155 13 June 1975

It is hereby notified that, with effect from 31 March 1975, recognition has been granted to Mr David Frederick Charles Ridgway as Vice-Consul of the United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland in Durban with the Province of Natal and that portion of the Province of the Cape of Good Hope to the east of and including the Magisterial Districts of Mount Fletcher, Qumbu, Tsolo, Engcobo, Xalanga, St Mark's, Tsomo, Nqamakwe, Butterworth and Kentani as his area of jurisdiction in anticipation of the receipt of his Commission of Appointment. Mr Ridgway is the successor to Mr R. D. Oliphant.

No. 1155 13 Junie 1975

Hierby word bekendgemaak dat aan mnr. David Frederick Charles Ridgway met ingang van 31 Maart 1975 erkenning verleen is as Vise-konsul van die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland in Durban met die provinsie Natal en daardie gedeelte van die provinsie die Kaap die Goeie Hoop ten ooste van en insluitende die landdrosdistrikte Mount Fletcher, Qumbu, Tsolo, Engcobo, Xalanga, St Mark's, Tsomo, Nqamakwe, Butterworth en Kentani as sy regsgebied in afwagting van die ontvangs van sy Benoemingsbrief. Mnr. Ridgway is die opvolger van mnr. R. D. Oliphant.

No. 1167 13 June 1975

It is hereby notified that a Consulate of the Republic of South Africa has been established at Saint-Denis, Réunion, with Mr Albert Willem Marc Burger, a career diplomat, in charge as Consul.

[4/2/169(32)]

No. 1167 13 Junie 1975

Hierby word bekendgemaak dat 'n Konsulaat van die Republiek van Suid-Afrika in Saint-Denis, Réunion gestig is, met mnr. Albert Willem Marc Burger, 'n beroepsdiplomaat, as Konsul aan die hoof daarvan.

[4/2/169(32)]

## DEPARTMENT OF THE INTERIOR

No. 1175 13 June 1975

### PUBLICATIONS ACT, 1974

### PUBLICATIONS OR OBJECTS

A committee referred to in section 4 of the Publications Act, 1974 decided that the undermentioned publications or objects are undesirable within the meaning of section 47 (2) of the said Act.

## DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE

No. 1175 13 Junie 1975

### WET OP PUBLIKASIES, 1974

### PUBLIKASIES OF VOORWERPE

'n Komitee bedoel in artikel 4 van die Wet op Publikasies, 1974 het beslis dat die ondergenoemde publikasies of voorwerpe ongewens is binne die bedoeling van artikel 47 (2) van genoemde Wet.

LIST/LYS P75/15

| Entry No. Inskrywing No. | Publication or object Publikasie of voorwerp | Author or producer Skrywer of voortbringer | Section Artikel |
|---|---|---|---|
| P75/5/137 | *Agro* | Michel Parry | 47 (2) (a)+(b) |
| P75/5/62 | *Autobiography of an Englishman, The* | "Y" | 47 (2) (a) |
| P75/5/61 | *Blood No. 3: The Cat Cay Warrant* | Nick Carter | 47 (2) (a) |
| P75/5/172 | *Calendar/Kalender: Playboy Playmate Calendar* 1975 | Printed/Gedruk in Canada/Kanada by/deur Playboy | 47 (2) (a) |
| P75/5/31 | *Cartoons and Gags* Vol. 22, No. 2, March 1975 | Magazine Management Co., Inc., New York | 47 (2) (a) |
| P75/6/2 | *Confessions of a Driving Instructor* | Timothy Lea | 47 (2) (a) |
| P75/5/11 | *Eerie* Issue No. 66, June 1975 | Warren Publishing Co., New York | 47 (2) (a)+(b) |
| P75/5/166 | *Films and Filming* April 1975, Vol. 7, No. 247 | Hansom Books, London | 47 (2) (a) |
| P75/5/178 | *For Love of a Painted Lady* | Heller Toren | 47 (2) (a)+(b) |
| P75/5/97 | *Good Day to Die, A* | Jim Harrison | 47 (2) (a)+(b) |
| P75/5/18 | *Gravy Train Hit, The* | Curtis Stevens | 47 (2) (a) |
| P75/4/247 | *If Beale Street could Talk* | James Baldwin | 47 (2) (a)+(b)+(e) |
| P75/5/114 | *Lethal Playground* | Donald Franklin | 47 (2) (a) |
| P75/5/38 | *Man at His Best* | Russell L. Rhodes | 47 (2) (a) |
| P75/6/8 | *Massage Parlor Girl* | Ellen Evans | 47 (2) (a) |
| P75/5/111 | *New Erotic Humor, The: Writings of the Sexual Revolution in America* | Frances Green | 47 (2) (a) |
| P75/5/14 | *Nova* May 1975 | IPC Magazine Ltd., London | 47 (2) (a)+(b) |
| P75/5/37 | *On Sex, Health, and Exp* | Mae West | 47 (2) (a) |
| P75/5/186 | *Parodie op die Tien Gebooie van die T.O.D.* | — | 47 (2) (b) |
| P75/6/9 | *Pleasures of a Nurse* | Peter Kevin | 47 (2) (a) |
| P75/6/3 | *Pussy Power* | Ken Astor | 47 (2) (a) |
| P75/5/93 | *Revenger, The: The Mile Deep Grade* | Joseph Hedges | 47 (2) (a) |
| P75/5/10 | *Reunion, The* | William Kuhns | 47 (2) (a) |
| P75/5/65 | *Skull* | Joe Buffer | 47 (2) (a)+(d)+(e) |
| P75/4/78 | *Socialist Humanism* | Erich Fromm | 47 (2) (b)+(c)+(d)+(e) |
| P75/4/269 | *Streets of Gold* | Evan Hunter | 47 (2) (a) |
| P75/6/30 | *When You Mix Whtie with Black* | S. A. Khan | 47 (2) (a)+(c)+(d)+(e) |

## DEPARTMENT OF JUSTICE

No. 1156 13 June 1975

APPOINTMENT OF COMMISSION OF INQUIRY INTO THE SEATS OF AND AREAS SERVED BY CERTAIN DEEDS REGISTRIES

It is hereby notified for general information that the State President has been pleased to appoint a commission of inquiry into the seats of and areas served by certain deeds registries, with the following terms of reference:

To inquire into and report on the advisability of—

(a) converting the office of the Rand Townships Registrar into a full-fledged deeds registry and, should conversion be recommended, to determine the area to be served by such deeds registry;

(b) (i) closing the Deeds Registry at Vryburg and transferring its functions to the Deeds Registry at Kimberley;

(ii) extending the area served by the Deeds Registry at Kimberley;

(c) (i) moving the Deeds Registry at King William's Town to Grahamstown, Port Elizabeth or some other place;

(ii) extending the area served by the Deeds Registry at King William's Town or, if it be recommended that it be moved to some other place, to determine the area to be served by such deeds registry at such other place.

The Commission shall consist of—

Mr Marthinus Johannes Prins, Chief Magistrate of Pretoria, as Chairman; and

Mr Andries Johannes Groenewald, a retired Deputy Registrar of Deeds; and

Mr Frederick St George Arbuthnot Tatham, a practising attorney, notary and public conveyancer of Pietermaritzburg,

as members.

Interested persons and bodies wishing to give evidence before the Commission or to submit written representations are invited to submit a memorandum (in quadruplicate) not later than 31 July 1975, containing a concise summary of the representations, to the Secretary, Commission of Inquiry into the Seats of and Areas served by Certain Deeds Registries, Private Bag X81, Pretoria, 0001, and to indicate whether they wish to give oral evidence before the Commission. Memoranda which were submitted to the Committee of Inquiry appointed in terms of Government Notice 187, dated 31 January 1975, will also be considered by the Commission.

Government Notice 187, dated 31 January 1975, is hereby withdrawn.

## DEPARTMENT OF LABOUR

No. 1138 13 June 1975

WAGE ACT, 1957

CATERING TRADE, LARGER TOWNS

By direction of the Minister of Labour, all persons whose interests may be affected directly or indirectly by the recommendation which has been submitted to the Minister by the Wage Board and which appears in the Schedule hereto and who have any objections to the making of a determination in accordance with the recommendation are hereby, in terms of section 13 (1) (a) of the Wage Act, 1957, invited to lodge such objections, in writing, with the Secretary for Labour, Private Bag X117, Pretoria, 0001, within 30 days after publication of this notice.

## DEPARTEMENT VAN JUSTISIE

No. 1156 13 Junie 1975

AANSTELLING VAN KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA DIE SETELS EN BEDIENINGSGEBIEDE VAN SEKERE AKTEKANTORE

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit die Staatspresident behaag het om 'n kommissie van ondersoek na die setels en bedieningsgebiede van sekere aktekantore aan te stel, met die volgende opdrag:

Om ondersoek in te stel na en verslag te doen oor die wenslikheid van—

(a) die omskepping van die kantoor van die Registrateur van Randdorpe tot 'n volwaardige aktekantoor en, indien omskepping aanbeveel word, om die bedieningsgebied van sodanige aktekantoor te bepaal;

(b) (i) die sluiting van die Aktekantoor te Vryburg en die oordrag van sy werksaamhede aan die Aktekantoor te Kimberley;

(ii) die uitbreiding van die bedieningsgebied van die Aktekantoor te Kimberley;

(c) (i) die verskuiwing van die Aktekantoor te King William's Town na Grahamstad, Port Elizabeth of 'n ander plek;

(ii) die uitbreiding van die bedieningsgebied van die Aktekantoor te King William's Town of, indien die verskuiwing daarvan na 'n ander plek aanbeveel word, om die bedieningsgebied van sodanige aktekantoor op sodanige ander plek te bepaal.

Die Kommissie bestaan uit—

mnr. Marthinus Johannes Prins, Hooflanddros van Pretoria, as Voorsitter; en

mnr. Andries Johannes Groenewald, afgetrede Adjunk-registrateur van Aktes; en

mnr. Frederick St. George Arbuthnot Tatham, 'n praktiserende prokureur, notaris en transportbesorger van Pietermaritzburg,

as lede.

Belanghebbende persone en instansies wat getuienis voor die Kommissie wil aflê of skriftelike vertoë wil voorlê, word versoek om 'n memorandum (in viervoud) waarin 'n saaklike samevatting van die vertoë verstrek word, nie later nie as 31 Julie 1975 by die Sekretaris, Kommissie van Ondersoek na die Setels en Bedieningsgebiede van Sekere Aktekantore, Privaatsak X81, Pretoria, 0001, in te dien en aan te dui of hulle mondelinge getuienis wil aflê. Memoranda wat reeds voorgelê is aan die Komitee van Ondersoek wat kragtens Goewermentskennisgewing 187 van 31 Januarie 1975 aangestel is, sal ook deur die Kommissie oorweeg word.

Goewermentskennisgewing 187 van 31 Januarie 1975 word hierby ingetrek.

## DEPARTEMENT VAN ARBEID

No. 1138 13 Junie 1975

LOONWET, 1957

VERVERSINGSBEDRYF, GROTER DORPE

In opdrag van die Minister van Arbeid word almal wie se belange regstreeks of onregstreeks geraak word deur die aanbeveling wat die Loonraad aan die Minister voorgelê het en wat in die Bylae hiervan verskyn, hierby ooreenkomstig artikel 13 (1) (a) van die Loonwet, 1957, versoek om, as hulle besware het teen die maak van 'n vasstelling ooreenkomstig die aanbeveling, daardie besware binne 30 dae na die publikasie van hierdie kennisgewing skriftelik by die Sekretaris van Arbeid, Privaatsak X117, Pretoria, 0001, in te dien.

Should the above-mentioned recommendation of the Wage Board, after consideration of any objections that may be submitted, be published by the Minister as a wage determination, the Minister, in terms of section 16 of the Wage Act, intends to cancel Wage Determination 322 which presently applies to this Trade, as from the date on which the new wage determination becomes binding. Any person who desires to comment on the proposed cancellation must also submit such comments within 30 days after publication hereof to the Secretary for Labour, Private Bag X117, Pretoria, 0001.

*Note.*—The report of the Wage Board pertaining to this recommendation is available for inspection at the offices of the Divisional Inspectors, Department of Labour, Bloemfontein, Cape Town, Durban, East London, George, Johannesburg, Kimberley, Port Elizabeth and Pretoria. *Persons lodging objections other than in manuscript are requested to furnish seven copies of the statement of objections and seven copies of any accompanying documents.*

SCHEDULE

RECOMMENDATION TO THE HONOURABLE THE MINISTER OF LABOUR BY DIVISION A OF THE WAGE BOARD.—CATERING TRADE, LARGER TOWNS

1. AREA AND SCOPE OF THE DETERMINATION

This Determination shall apply to all employers and all their employees in the Catering Trade in the following areas:

*Cape Province.*—The municipal areas of Aliwal North, Beaufort West, Burgersdorp, Caledon, Ceres, Cradock, Despatch, De Aar, Durbanville, George, Gordon's Bay, Graaff-Reinet, Grahamstown, Hermanus, King William's Town, Knysna, Kokstad, Kraaifontein, Kuils River, Kuruman, Mafeking, Malmesbury, Middelburg, Montagu, Mossel Bay, Oudtshoorn, Paarl, Queenstown, Riversdale, Robertson, Somerset East, Somerset West, Stellenbosch, Strand, Swellendam, Uitenhage, Upington, Vryburg, Wellington and Worcester.

*Natal.*—The municipal areas or town board areas, as the case may be, of Dundee, Estcourt, Glencoe, Ladysmith, Newcastle and Vryheid.

*Orange Free State.*—The municipal areas or village board of management areas, as the case may be, of Bethlehem, Ficksburg, Harrismith, Heilbron, Kroonstad, Ladybrand, Odendaalsrus, Parys, Senekal and Virginia.

*Transvaal.*—The municipal areas, village council areas, health committee areas or local area committee areas of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas, as the case may be, of Barberton, Bethal, Brits, Christiana, Ermelo, Evander, Groblersdal, Heidelberg, Lichtenburg, Louis Trichardt, Lydenburg, Meyerton, Middelburg, Nelspruit, Nylstroom, Phalaborwa, Pietersburg, Piet Retief, Potchefstroom, Potgietersrus, Rensburg, Rustenburg, Schweizer-Reneke, Standerton, Tzaneen, Volksrust, Warmbaths, Waterval Boven, Witbank, White River, Wolmaransstad and Zeerust.

2. DEFINITIONS

(1) Unless the context otherwise indicates, any expression which is used in this Determination and is defined in the Wage Act, 1957, has the same meaning as it has in that Act, and unless inconsistent with the context—

"Area A" means the areas of Despatch, Durbanville, Kraaifontein, Kroonstad, Kuils River, Meyerton, Paarl, Potchefstroom, Somerset West, Stellenbosch, Strand, Uitenhage and Worcester, as described in clause 1;

"Area B" means the areas of Caledon, Ceres, Evander, George, Gordon's Bay, Hermanus, Knysna, Ladysmith, Malmesbury, Mossel Bay, Newcastle, Odendaalsrus, Oudtshoorn, Robertson, Swellendam, Virginia, Wellington and Witbank, as described in clause 1;

"Area C" means the areas of Beaufort West, Bethal, Bethlehem, Brits, Cradock, De Aar, Ermelo, Estcourt, Graaff-Reinet, Grahamstown, Harrismith, Heidelberg (Tvl), Heilbron, King William's Town, Lichtenburg, Middelburg (C.P.), Middelburg (Tvl), Montagu, Nelspruit, Parys, Phalaborwa, Pietersburg, Queenstown, Rensburg, Riversdale, Rustenburg, Standerton, Upington, Volksrust, Vryburg and Vryheid, as described in clause 1;

Indien bogenoemde aanbeveling van die Loonraad, na oorweging van enige besware wat ingedien mag word deur die Minister as 'n loonvasstelling gepubliseer word, is die Minister van voorneme om kragtens artikel 16 van die Loonwet, 1957, Loonvasstelling 322 wat tans op hierdie Bedryf van toepassing is, in te trek vanaf die datum waarop die nuwe loonvasstelling van krag word. Enige persoon wat kommentaar oor die voorgestelde intrekking wil lewer moet sodanige kommentaar ook binne 30 dae na publikasie hiervan aan die Sekretaris van Arbeid, Privaatsak X117, Pretoria, 0001, voorlê.

*Opmerking.*—Die Loonraadverslag wat op hierdie aanbeveling betrekking het, is beskikbaar vir insae by die kantore van die Afdelingsinspekteurs, Departement van Arbeid, Bloemfontein, Durban, George, Johannesburg, Kaapstad, Kimberley, Oos-Londen, Port Elizabeth en Pretoria. *Persone wat besware indien in 'n ander vorm as in manuskrip, word versoek om sewe afskrifte van hulle besware en sewe afskrifte van alle bygaande dokumente te verstrek.*

BYLAE

AANBEVELING AAN SY EDELE DIE MINISTER VAN ARBEID DEUR AFDELING A VAN DIE LOONRAAD.—VERVERSINGSBEDRYF, GROTER DORPE

1. GEBIED EN OMVANG VAN DIE VASSTELLING

Hierdie Vasstelling is van toepassing op al die werkgewers en al hul werknemers in die Verversingsbedryf in die volgende gebiede:

*Kaapprovinsie.*—Die munisipale gebiede Aliwal-Noord, Beaufort-Wes, Burgersdorp, Caledon, Ceres, Cradock, Despatch, De Aar, Durbanville, George, Gordonsbaai, Graaff-Reinet, Grahamstad, Hermanus, King William's Town, Knysna, Kokstad, Kraaifontein, Kuilsrivier, Kuruman, Mafeking, Malmesbury, Middelburg, Montagu, Mosselbaai, Oudtshoorn, Paarl, Queenstown, Riversdal, Robertson, Somerset-Oos, Somerset-Wes, Stellenbosch, Strand, Swellendam, Uitenhage, Upington, Vryburg, Wellington en Worcester.

*Natal.*—Die munisipale gebiede of dorpsbestuursgebiede, na gelang van die geval, Dundee, Estcourt, Glencoe, Ladysmith, Newcastle en Vryheid.

*Oranje-Vrystaat.*—Die munisipale gebiede of dorpsbestuursgebiede, na gelang van die geval, Bethlehem, Ficksburg, Harrismith, Heilbron, Kroonstad, Ladybrand, Odendaalsrus, Parys, Senekal en Virginia.

*Transvaal.*—Die munisipale gebiede, dorpsraadgebiede, gesondheidskomiteegebiede of plaaslike gebiedskomiteegebiede van die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, na gelang van die geval, Barberton, Bethal, Brits, Christiana, Ermelo, Evander, Groblersdal, Heidelberg, Lichtenburg, Louis Trichardt, Lydenburg, Meyerton, Middelburg, Nelspruit, Nylstroom, Phalaborwa, Pietersburg, Piet Retief, Potchefstroom, Potgietersrus, Rensburg, Rustenburg, Schweizer-Reneke, Standerton, Tzaneen, Volksrust, Warmbad, Waterval-Boven, Witbank, Witrivier, Wolmaransstad en Zeerust.

2. WOORDOMSKRYWINGS

(1) Tensy die sinsverband anders aandui het elke uitdrukking wat in hierdie Vasstelling gebesig en in die Loonwet, 1957, omskryf word, dieselfde betekenis as in daardie Wet en, tensy onbestaanbaar met die sinsverband, beteken—

"algemene werker" 'n werknemer wat een of meer van die volgende werksaamhede verrig:

(a) Water kook;

(b) persele, voertuie of gerei, meubels, groente, vis, pluimvee of ander artikels skoonmaak;

(c) goedere, eetware of ander artikels dra, verskuif of opstapel, uitgesonderd etes of verversings na klante dra;

(d) goedere op voertuie laai of van voertuie aflaai;

(e) pluimvee pluk of groente of vrugte met die hand of met 'n handmasjien afskil of opsny;

(f) vure maak of aan die brand hou of vullis of as verwyder;

"bedryfsinrigting" 'n perseel waarop of in verband waarmee een of meer werknemers in die Verversingsbedryf in diens is;

"besteller" 'n werknemer wat boodskappe, briewe of goedere te voet of deur middel van 'n trapfiets, driewiel- of 'n ander voet- of handvoertuig aflewer en wat by k.b.a.-verkope die geld kan insamel;

"Area D" means the areas of Aliwal North, Barberton, Burgersdorp, Christiana, Dundee, Ficksburg, Glencoe, Groblersdal, Kokstad, Kuruman, Ladybrand, Louis Trichardt, Lydenburg, Mafeking, Nylstroom, Piet Retief, Potgietersrus, Schweizer-Reneke, Senekal, Somerset East, Tzaneen, Warmbaths, Waterval Boven, White River, Wolmaransstad and Zeerust, as described in clause 1;

"barman" means an employee who is engaged in supplying liquor intended for customers to a wine steward and who may serve liquor to customers over a counter;

"cashier" means an employee who is engaged in an establishment in receiving cash from customers and who may show customers to their seats;

"casual employee" means an employee who is employed by the same employer on not more than three days of any week;

"Catering Trade" means the trade in which employers and employees are associated wholly or mainly for the purpose of preparing, serving or providing meals or refreshments (whether liquid or otherwise) or both such meals and refreshments in or from any establishment or portion thereof, whether permanent, temporary, indoors or in the open air, and includes such activities when carried on in or from one or more classes of premises or portions thereof—

(a) which are used as public restaurants, cafés or tea-rooms;

(b) where meals or non-alcoholic drinks are served for consumption on the premises or provided for consumption away from the premises;

(c) where aerated or mineral waters are supplied in glasses or other containers for consumption on the premises;

(d) where the above-mentioned activities are carried on in or in connection with any theatre, bioscope, bioscope-tea-room or any other entertainment or function;

and also includes the supply of liquor in any such establishments or on any such premises in terms of a liquor licence under the Liquor Act, 1928, held by such employers, but it does not include hotels, establishments trading exclusively under a wine and malt liquor licence, boarding-houses, accommodation establishments, establishments in which meals or refreshments are sold or supplied to persons other than Whites for consumption on the premises or establishments which cater solely for the supply of meals or refreshments to Non-Whites;

and includes all operations incidental to or consequent on any of the aforesaid activities;

"clerk" means an employee who is engaged in writing, typing, filing, or any other form of clerical work, and includes a cashier, a receptionist and a telephone switchboard operator, but does not include any other class of employee elsewhere defined in this clause, notwithstanding the fact that clerical work may form part of such employee's work;

"cook" means an employee, other than a grill-hand or kitchen-hand, who is engaged in the preparation or cooking of food;

"counterhand" means an employee who is engaged at a counter in serving meals or refreshments other than liquor, and who may receive cash therefor, and for the purpose of this definition the expression "counter" includes a soda fountain and a milk bar;

"day" means a period of 24 hours calculated from the time an employee starts work;

"delivery employee" means an employee who is engaged in delivering messages, letters or goods on foot or by means of a bicycle, tricycle or other hand or foot-propelled vehicle and who may collect cash for C.O.D. purchases;

"emergency work" means any work which, owing to unforeseen circumstances such as fire, storm, accident, epidemic, act of violence or theft, must be done without delay;

"establishment" means any premises in or in connection with which one or more employees are employed in the Catering Trade;

"experience" means, in relation to—

(a) a clerk, the total period or periods of employment which an employee has had as a clerk in any trade or in the service of the State;

(b) a counterhand, the total period or periods of employment which an employee has had as a counterhand in the Catering Trade or in the food distributive trade;

(c) a cook, waiter or grill-hand, the total period or periods of employment which an employee has had as a cook, waiter or grill-hand, respectively, in the Catering Trade or in a hotel or a boarding-house;

"dag" 'n tydperk van 24 uur gereken vanaf die tyd wat 'n werknemer begin werk;

"deeltydse werknemer" 'n werknemer wat vir hoogstens 25 gewone werkure in enige bepaalde week in die vaste diens van 'n bedryfsinrigting is;

"Gebied A" die gebiede Despatch, Durbanville, Kraaifontein, Kroonstad, Kuilsrivier, Meyerton, Paarl, Potchefstroom, Somerset-Wes, Stellenbosch, Strand, Uitenhage en Worcester, soos in klousule 1 beskryf;

"Gebied B" die gebiede Caledon, Ceres, Evander, George, Gordonsbaai, Hermanus, Knysna, Ladysmith, Malmesbury, Mosselbaai, Newcastle, Odendaalsrus, Oudtshoorn, Robertson, Swellendam, Virginia, Wellington en Witbank, soos in klousule 1 beskryf;

"Gebied C" die gebiede Beaufort-Wes, Bethal, Bethlehem, Brits, Cradock, De Aar, Ermelo, Estcourt, Graaff-Reinet, Grahamstad, Harrismith, Heidelberg (Tvl.), Heilbron, King William's Town, Lichtenburg, Middelburg (K.P.), Middelburg (Tvl.), Montagu, Nelspruit, Parys, Phalaborwa, Pietersburg, Queenstown, Rensburg, Riversdal, Rustenburg, Standerton, Upington, Volksrust, Vryburg en Vryheid, soos in klousule 1 beskryf;

"Gebied D" die gebiede Aliwal-Noord, Barberton, Burgersdorp, Christiana, Dundee, Ficksburg, Glencoe, Groblersdal, Kokstad, Kuruman, Ladybrand, Louis Trichardt, Lydenburg, Mafeking, Nylstroom, Piet Retief, Potgietersrus, Schweizer-Reineke, Senekal, Somerset-Oos, Tzaneen, Warmbad, Waterval-Boven, Witrivier, Wolmaransstad en Zeerust, soos in klousule 1 beskryf;

"gekwalifiseerd" met betrekking tot 'n werknemer, dat die ondervinding van 'n werknemer van sy klas hom geregtig maak op die hoogste loontarief wat vir daardie klas voorgeskryf is; en omgekeerd beteken "ongekwalifiseerd" dat sy ondervinding in sy klas hom nie op sodanige hoogste loontarief geregtig maak nie;

"kassier" 'n werknemer wat in 'n bedryfsinrigting geld van klante ontvang en wat klante hul sitplekke kan aanwys;

"kelner" 'n werknemer, uitgesonderd 'n toonbankbediener of wynkelner, wat etes of verversings, uitgesonderd alkoholiese drank, aan klante bedien en wat betaling kan ontvang vir 'n bestelling deur hom gewerf, geneem of uitgevoer, eetgerei of breekgoed kan nagaan of tafels kan dek of afdek, en omvat dit ook 'n werknemer wat slaai of toebroodjies maak, koue etes of nagereg berei of roomys, bruismelk of ander nie-alkoholiese dranke (uitgesonderd tee en koffie) vir bediening aan klante gereedmaak;

"klerk" 'n werknemer wat skryf-, tik-, liasseer- of enige ander soort klerklike werk verrig, en omvat dit ook 'n kassier, 'n ontvangsklerk en 'n telefoonskakelbordoperateur, maar geen ander klas werknemer wat elders in hierdie klousule omskryf word nie, al maak klerklike werk ook deel uit van so 'n werknemer se werk;

"kok" 'n werknemer, uitgesonderd 'n roosterbediener of kombuiswerker, wat kos berei of kook;

"kombuiswerker" 'n werknemer wat onder die algemene toesig van 'n kok omsien na voedsel aan die kook, vleis of pluimvee bedruip, melk kook, brood rooster, tee of koffie of dergelike drank maak, 'n kragaangedrewe skottelgoed- of afvalmasjien of aartappelskiller bedien, of botter- of konfytpotte of standertjies vul;

"kroegman" 'n werknemer wat aan 'n wynkelner alkoholiese drank vir klante verskaf en wat alkoholiese drank oor 'n toonbank aan klante kan bedien;

"loon" die bedrag wat ingevolge klousule 3 (1) aan 'n werknemer betaalbaar is ten opsigte van sy gewone werkure soos by klousule 5 voorgeskryf: Met dien verstande dat, as 'n werkgewer sy werknemer ten opsigte van sodanige gewone werkure gereeld 'n hoër bedrag betaal as dié by klousule 3 (1) voorgeskryf, dit sodanige hoër bedrag beteken;

"los werknemer" 'n werknemer wat hoogstens drie dae in 'n week by dieselfde werkgewer in diens is;

"noodwerk" enige werk wat weens onvoorsiene omstandighede soos 'n brand, storm, ongeluk, epidemie, gewelddaad of diefstal sonder versuim gedoen moet word;

"ondervinding" met betrekking tot—

(a) 'n klerk, die totale tydperk of tydperke wat 'n werknemer as klerk in enige bedryf of in diens van die Staat gewerk het;

(b) 'n toonbankbediener, die totale tydperk of tydperke wat 'n werknemer as toonbankbediener in die Verversingsbedryf of in die voedseldistribusiebedryf gewerk het;

(c) 'n kok, kelner of roosterbediener, die totale tydperk of tydperke wat 'n werknemer onderskeidelik as kok, kelner of roosterbediener in die Verversingsbedryf of in 'n hotel of 'n losieshuis gewerk het;

(d) a barman or a wine steward, the total period or periods of employment which an employee has had as a barman or a wine steward, respectively, in the Catering Trade or in any branch of the Liquor Trade;

"general worker" means an employee who is engaged in any one or more of the following activities:

(a) Boiling water;
(b) cleaning premises, vehicles or utensils, furniture, vegetables, fish, poultry or other articles;
(c) carrying, moving or stacking goods, foodstuffs or other articles, but excluding the carrying of meals or refreshments to customers;
(d) loading or off-loading goods onto or from vehicles;
(e) plucking poultry or peeling or paring vegetables or fruit by hand or hand-operated machine;
(f) making or maintaining fires or removing refuse or ashes;

"grill-hand" means an employee who is engaged in preparing grills, frying or cooking fish, chipped potatoes or eggs, making or cooking hamburgers, hot dogs or any other similar foodstuff in the preparation of which an open grill is used;

"kitchen-hand" means an employee who, under the general supervision of a cook, is engaged in attending to any food in the process of cooking, basting meat or poultry, boiling milk, making toast, making tea or coffee or similar beverages, operating a power-driven dish-washing, garbage disposal or potato-peeling machine, or in filling butter or jam dishes or cruets;

"law" includes the common law;

"part-time employee" means an employee employed permanently by the establishment for not more than 25 ordinary working hours in any week;

"qualified" with regard to an employee, means that the experience which an employee has had in his class entitles him to the highest wage rate prescribed for such class; and conversely, "unqualified" means that his experience in his class does not entitle him to such highest wage rate;

"spread-over" means the period in any day from the time an employee starts work until he ceases work for that day;

"wage" means the amount of money payable to an employee in terms of clause 3 (1) in respect of his ordinary hours of work as prescribed in clause 5: Provided that, if an employer regularly pays an employee in respect of such ordinary hours of work an amount higher than that prescribed in clause 3 (1), it shall mean such higher amount;

"waiter" means an employee, other than a counterhand or wine steward, who is engaged in serving meals or refreshments, other than liquor, to customers and who may receive payment for any order solicited, taken or executed by him, check cutlery or crockery or set or clear tables, and includes an employee who makes salads or sandwiches, prepares cold dishes or any dessert or ice-cream, milk-shakes or other non-alcoholic beverages (excluding tea or coffee) to be served to customers;

"watchman" means an employee who is engaged in guarding premises or property;

"wine steward" means an employee who serves liquor to customers and who may receive payment for any order taken or executed by him.

(2) For the purpose of this Determination an employee shall be deemed to be in that class in which he is wholly or mainly engaged.

### 3. REMUNERATION

(1) The minimum wage which an employer shall pay to each member of the undermentioned classes of his employees shall be as set out below:

(a) *Employees, other than casual employees and part-time employees:*

(i)

| | *In all areas Per week* R |
|---|---|
| Barman— | |
| during the first year of experience | 17,00 |
| during the second year of experience | 22,00 |
| during the third year of experience | 27,00 |
| during the fourth year of experience | 32,00 |
| thereafter | 37,00 |
| Clerk— | |
| during the first year of experience | 22,15 |
| during the second year of experience | 25,62 |
| during the third year of experience | 29,08 |
| during the fourth year of experience | 32,54 |
| thereafter | 36,00 |

(d) 'n kroegman of 'n wynkelner, die totale tydperk of tydperke wat 'n werknemer onderskeidelik as kroegman of wynkelner in die Verversingsbedryf of in enige vertakking van die drankbedryf gewerk het;

"roosterbediener" 'n werknemer wat geroosterde etes berei, vis, aartappelskyfies of eiers bak of gaarmaak, hamburgers, worsbroodjies of enige ander soortgelyke voedsel maak of gaarmaak bydie toebereiding waarvan 'n oop rooster gebruik word;

"toonbankbediener" 'n werknemer wat by 'n toonbank etes of verversings, uitgesonderd alkoholiese drank, bedien en wat geld daarvoor in ontvangs kan neem, en vir die doel van hierdie woordomskrywing omvat die woord "toonbank" ook 'n bruisbron en 'n melksalon;

"Verversingsbedryf" die bedryf waarin werkgewers en werknemers met mekaar geassosieer is uitsluitlik of hoofsaaklik met die doel om etes of verversings (hetsy in die vorm van vloeistowwe of in ander vorms) of beide sodanige etes en verversings te berei in of dit te bedien of te verskaf in of vanuit enige bedryfsinrigting of gedeelte daarvan, hetsy permanent, tydelik, binnens- of buitenshuis, en dit sluit sodanige bedrywighede in wanneer uitgeoefen in of vanuit een of meer klasse persele of gedeeltes daarvan—

(a) wat as openbare restaurante, kafees of teekamers gebruik word;

(b) waar etes of alkoholvrye dranke bedien word vir verbruik op die perseel of verskaf word vir verbruik weg van die perseel;

(c) waar spuit- of mineraalwater in drinkglase of ander houers vir verbruik op die perseel verskaf word;

(d) waar bogenoemde bedrywighede uitgeoefen word in of in verband met enige teater, bioskoop, bioskoop-teekamer of ander onthaal of funksie;

en sluit ook in die verskaffing van alkoholiese drank in al sulke bedryfsinrigtings of op sulke persele ooreenkomstig 'n dranklisensie wat ingevolge die Drankwet, 1928, deur sulke werkgewers gehou word, maar dit sluit nie in nie hotelle, bedryfsinrigtings wat uitsluitlik kragtens 'n wyn- en bierlisensie handel dryf, losieshuise, huisvestigingsinrigtings bedryfsinrigtings waarin etes of verversings aan ander persone as Blankes vir verbruik op die perseel verkoop of verskaf word of bedryfsinrigtings wat uitsluitlik etes of verversings aan Nie-Blankes verskaf;

en omvat dit alle werksaamhede wat met enigeen van voormelde bedrywighede in verband staan of daaruit voortspruit;

"wag" 'n werknemer wat 'n perseel of eiendom bewaak;

"werkdagindeling" die tydperk in enige dag gereken vanaf die tyd wat 'n werknemer eerste begin werk totdat hy vir daardie dag finaal ophou werk;

"Wet" ook die gemene reg;

"wynkelner" 'n werknemer wat alkoholiese drank aan klante bedien en wat betaling kan ontvang vir 'n bestelling wat hy geneem of uitgevoer het.

(2) By die toepassing van hierdie Vasstelling word 'n werknemer geag in dié klas te wees waarin hy uitsluitlik of hoofsaaklik werksaam is.

### 3. BESOLDIGING

(1) Die minimum loon wat 'n werkgewer aan elke lid van ondergenoemde klasse werknemers in sy diens moet betaal, is dié hieronder uiteengesit—

(a) *Werknemers, uitgesonderd los werknemers en deeltydse werknemers:*

(i)

| | *In alle gebiede Per week* R |
|---|---|
| Kroegman— | |
| gedurende die eerste jaar ondervinding | 17,00 |
| gedurende die tweede jaar ondervinding | 22,00 |
| gedurende die derde jaar ondervinding | 27,00 |
| gedurende die vierde jaar ondervinding | 32,00 |
| daarna | 37,00 |
| Klerk— | |
| gedurende die eerste jaar ondervinding | 22,15 |
| gedurende die tweede jaar ondervinding | 25,62 |
| gedurende die derde jaar ondervinding | 29,08 |
| gedurende die vierde jaar ondervinding | 32,54 |
| daarna | 36,00 |

(ii)

| | In area A | | In area B | | In area C | | In area D | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | (a) Per week | (b) Per week | (a) Per week | (b) Per week | (a) Per week | (b) Per week | (a) Per week | (b) Per week |
| | R | R | R | R | R | R | R | R |
| Cook— | | | | | | | | |
| during the first six months of experience | 12,30 | 13,50 | 10,70 | 11,80 | 9,60 | 10,60 | 8,90 | 9,80 |
| during the second six months of experience | 13,90 | 15,30 | 12,10 | 13,30 | 11,30 | 12,20 | 10,70 | 11,60 |
| during the third six months of experience | 15,60 | 17,10 | 13,50 | 14,90 | 13,00 | 13,80 | 12,60 | 13,40 |
| Thereafter | 17,30 | 19,00 | 15,00 | 16,50 | 14,80 | 15,50 | 14,50 | 15,20 |
| Counterhand and wine steward— | | | | | | | | |
| during the first six months of experience | 11,60 | 12,80 | 11,20 | 11,80 | 11,00 | 11,50 | 10,60 | 11,20 |
| during the second six months of experience | 14,00 | 15,40 | 13,00 | 13,70 | 12,70 | 13,30 | 12,50 | 13,10 |
| thereafter | 16,40 | 18,00 | 14,80 | 15,70 | 14,50 | 15,20 | 14,40 | 15,10 |
| Grill-hand, female, and waiter, female— | | | | | | | | |
| during the first six months of experience | 9,90 | 10,90 | 8,60 | 9,40 | 7,70 | 8,50 | 7,10 | 7,80 |
| during the second six months of experience | 11,60 | 12,70 | 10,00 | 10,90 | 9,40 | 10,10 | 8,80 | 9,50 |
| thereafter | 13,30 | 14,60 | 11,40 | 12,50 | 11,20 | 11,80 | 10,60 | 11,20 |
| Grill-hand, male, and waiter, male— | | | | | | | | |
| during the first six months of experience | 11,60 | 12,80 | 10,10 | 11,10 | 9,10 | 10,00 | 8,40 | 9,20 |
| during the second six months of experience | 13,50 | 14,90 | 11,70 | 12,90 | 11,10 | 11,90 | 10,40 | 11,20 |
| thereafter | 15,50 | 17,00 | 13,40 | 14,80 | 13,10 | 13,80 | 12,50 | 13,20 |
| Delivery employee, kitchen-hand and watchman | 12,30 | 13,50 | 10,70 | 11,80 | 9,60 | 10,60 | 8,90 | 9,80 |
| General worker, female | 9,30 | 10,20 | 8,10 | 8,90 | 7,30 | 8,00 | 6,70 | 7,40 |
| General worker, male, 18 years of age or over | 11,60 | 12,80 | 10,10 | 11,10 | 9,10 | 10,00 | 8,40 | 9,20 |
| General worker, male, under 18 years of age | 8,70 | 9,60 | 7,60 | 8,30 | 6,80 | 7,50 | 6,30 | 6,90 |
| Employee not specifically mentioned elsewhere in this subclause | 12,30 | 13,50 | 10,70 | 11,80 | 9,60 | 10,60 | 8,90 | 9,80 |

(a) During the first year after this Determination has become binding.
(b) Thereafter.

(ii)

| | In gebied A | | In gebied B | | In gebied C | | In gebied D | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | (a) Per week | (b) Per week | (a) Per week | (b) Per week | (a) Per week | (b) Per week | (a) Per week | (b) Per week |
| | R | R | R | R | R | R | R | R |
| Kok— | | | | | | | | |
| gedurende die eerste ses maande ondervinding | 12,30 | 13,50 | 10,70 | 11,80 | 9,60 | 10,60 | 8,90 | 9,80 |
| gedurende die tweede ses maande ondervinding | 13,90 | 15,30 | 12,10 | 13,30 | 11,30 | 12,20 | 10,70 | 11,60 |
| gedurende die derde ses maande ondervinding | 15,60 | 17,10 | 13,50 | 14,90 | 13,00 | 13,80 | 12,60 | 13,40 |
| daarna | 17,30 | 19,00 | 15,00 | 16,50 | 14,80 | 15,50 | 14,50 | 15,20 |
| Toonbankbediener en mynkelner— | | | | | | | | |
| gedurende die eerste ses maande ondervinding | 11,60 | 12,80 | 11,20 | 11,80 | 11,00 | 11,50 | 10,60 | 11,20 |
| gedurende die tweede ses maande ondervinding | 14,00 | 15,40 | 13,00 | 13,70 | 12,70 | 13,30 | 12,50 | 13,10 |
| daarna | 16,40 | 18,00 | 14,80 | 15,70 | 14,50 | 15,20 | 14,40 | 15,10 |
| Roosterbediener, vrou, en kelner, vrou— | | | | | | | | |
| gedurende die eerste ses maande ondervinding | 9,90 | 10,90 | 8,60 | 9,40 | 7,70 | 8,50 | 7,10 | 7,80 |
| gedurende die tweede ses maande ondervinding | 11,60 | 12,70 | 10,00 | 10,90 | 9,40 | 10,10 | 8,80 | 9,50 |
| daarna | 13,30 | 14,60 | 11,40 | 12,50 | 11,20 | 11,80 | 10,60 | 11,20 |
| Roosterbediener, man, en kelner, man— | | | | | | | | |
| gedurende die eerste ses maande ondervinding | 11,60 | 12,80 | 10,10 | 11,10 | 9,10 | 10,00 | 8,40 | 9,20 |
| gedurende die tweede ses maande ondervinding | 13,50 | 14,90 | 11,70 | 12,90 | 11,10 | 11,90 | 10,40 | 11,20 |
| daarna | 15,50 | 17,00 | 13,40 | 14,80 | 13,10 | 13,80 | 12,50 | 13,20 |
| Besteller, kombuiswerker en wag | 12,30 | 13,50 | 10,70 | 11,80 | 9,60 | 10,60 | 8,90 | 9,80 |
| Algemene werker, vrou | 9,30 | 10,20 | 8,10 | 8,90 | 7,30 | 8,00 | 6,70 | 7,40 |
| Algemene werker, man, 18 jaar of ouer | 11,60 | 12,80 | 10,10 | 11,10 | 9,10 | 10,00 | 8,40 | 9,20 |
| Algemene werker, man, onder 18 jaar | 8,70 | 9,60 | 7,60 | 8,30 | 6,80 | 7,50 | 6,30 | 6,90 |
| Werknemer nie uitdruklik in hierdie subklousule gemeld nie | 12,30 | 13,50 | 10,70 | 11,80 | 9,60 | 10,60 | 8,90 | 9,80 |

(a) Gedurende die eerste jaar nadat hierdie Vasstelling bindend word.
(b) Daarna.

(b) *Casual employee.*—A casual employee shall, in respect of every day or part of a day for which he is employed, be paid not less than one-fifth of the weekly wage prescribed for an employee in the same area and of the same sex who performs the same class of work as the casual employee is required to do:

Provided that—

(i) where the employer requires a casual employee to perform the work of a class of employee for whom wages on a rising scale are prescribed, the expression "weekly wage" shall mean the highest weekly wage prescribed for an employee of such class;

(ii) where the employer requires a casual employee to work for a period of not more than four consecutive hours on any day, his wage may be reduced by not more than 50 per cent in respect of such day.

(c) *Part-time employee.*—A part-time employee shall be paid not less than 60 per cent of the wage prescribed for an employee in the same area, of the same class and sex, and with the same experience, due regard being had to the definition of the expression "experience".

(b) *Los werknemer.*—'n Los werknemer moet vir elke dag of gedeelte van 'n dag diens minstens een vyfde betaal word van die weekloon voorgeskryf vir 'n werknemer in dieselfde gebied en van dieselfde geslag wat dieselfde klas werk verrig as dié wat van die los werknemer vereis word: Met dien verstande dat—

(i) waar die werkgewer van 'n los werknemer vereis om die werk te verrig van 'n klas werknemer vir wie 'n loon teen 'n stygende skaal voorgeskryf word, die uitdrukking "weekloon" beteken die hoogste weekloon wat vir 'n werknemer van daardie klas voorgeskryf word;

(ii) waar die werkgewer van 'n los werknemer vereis om vir 'n tydperk van hoogstens vier agtereenvolgende ure op enige dag te werk, sy loon met hoogstens 50 persent ten opsigte van daardie dag verminder kan word.

(c) *Deeltydse werknemer.*—'n Deeltydse werknemer moet minstens 60 persent van die loon voorgeskryf vir 'n werknemer in dieselfde gebied, van dieselfde klas en geslag en met dieselfde ondervinding, betaal word, met die nodige inagneming van die woordomskrywing "ondervinding".

(2) *Basis of contract.*—For the purposes of this clause the contract of employment of an employee, other than a casual employee, shall be on a weekly basis and, save as provided in clause 4 (6), an employee shall, in respect of any week, be paid not less than the full weekly wage as prescribed in subclause (1), read with the definition of "wage" in clause 2 (1) and with subclause (3), for an employee of his class in the area in which he works, irrespective of whether he has in such week worked the maximum number of ordinary hours of work applicable to him in terms of clause 5, or less.

(3) *Differential wage.*—Any employer who requires or permits a member of one class of his employees to perform work of another class for longer than one hour in the aggregate on any day, either in addition to his own work or in substitution therefor, for which work either—

(a) a wage higher than that of his own class; or

(b) a rising scale of wages terminating in a wage higher than that of his own class;

is prescribed in subclause (1), shall pay to such employee in respect of such day—

(i) in the case referred to in paragraph (a), not less than the daily wage calculated at the higher rate; and

(ii) in the case referred to in paragraph (b), not less than the daily wage calculated at the notch on the rising scale immediately above the wage which the employee was receiving for his ordinary work:

Provided that—

(i) this subclause shall not apply where the difference between the classes in terms of subclause (1) is based on age, experience or sex;

(ii) unless expressly otherwise provided in a written contract between an employer and his employee, nothing in this Determination shall be so construed as to preclude an employer from requiring his employee to perform work of another class, for which class a wage is prescribed which is equal to, or lower than, that prescribed for such employee.

(4) *Calculation of wages.*—(a) The hourly wage of an employee, other than a casual employee, shall be his weekly wage divided by the number of ordinary hours of work prescribed for such employee in any week.

(b) The daily wage of an employee, other than a casual employee, shall be his weekly wage divided by—

(i) five, in the case of an employee who normally works a five-day week;

(ii) six, in the case of any other employee.

(c) The monthly wage of an employee shall be four and one-third times his weekly wage.

## 4. PAYMENT OF REMUNERATION

(1) *Employees, other than casual employees.*—Save as provided in clause 6 (4), any amount due to an employee, other than a casual employee, shall be paid in cash weekly or, with the consent of the employee, in cash or by cheque monthly during the hours of work on the usual pay-day of the establishment for such employee, or on termination of employment if this takes place before the usual pay-day, and such amount shall be contained in a sealed envelope or container on which shall be recorded, or which shall be accompanied by, a statement showing—

(a) the employer's name;

(b) the employee's name or his number on the pay-roll and his occupation;

(c) the number of ordinary hours of work worked by the employee;

(d) the number of overtime hours worked by the employee;

(e) the employee's wage;

(f) details of any other remuneration arising out of the employee's employment;

(g) details of any deduction made;

(h) the actual amount paid to the employee; and

(i) the period in respect of which payment is made;

and such envelope or container on which these particulars are recorded, or such statement, shall become the property of the employee: Provided that—

(i) at the written request of the employee, the amount due to him may be deposited in his building society or bank account by the employer who shall hand to him the relevant receipt, together with the above-mentioned statement;

(2) *Kontrakgrondslag.*—By die toepassing van hierdie klousule moet die dienskontrak van 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, op 'n weeklikse grondslag berus en, behoudens die bepalings van klousule 4 (6), moet 'n werknemer vir 'n week minstens die volle weekloon betaal word wat by subklousule (1), gelees saam met die woordomskrywing van "loon" in klousule 2 (1) en met subklousule (3), vir 'n werknemer van sy klas in die gebied waarin hy werk, voorgeskryf word afgesien daarvan of hy in so 'n week die maksimum getal gewone werkure wat ingevolge klousule 5 vir hom geld, of minder, gewerk het.

(3) *Differensiële loon.*—'n Werkgewer wat van 'n lid van een klas van sy werknemers vereis of hom toelaat om vir langer as altesaam een uur op 'n dag òf benewens sy eie werk òf in die plek daarvan werk van 'n ander klas te verrig waarvoor òf—

(a) 'n hoër loon as dié van sy eie klas; òf

(b) 'n stygende loonskaal wat uitloop op 'n hoër loon as dié van sy eie klas;

by subklousule (1) voorgeskryf word, moet ten opsigte van daardie dag aan sodanige werknemer betaal—

(i) in die geval in paragraaf (a) bedoel, minstens die dagloon bereken teen die hoër tarief; en

(ii) in die geval in paragraaf (b) bedoel, minstens die dagloon bereken op dié kerf van die stygende skaal onmiddellik bokant die loon wat die werknemer vir sy gewone werk ontvang het:

Met dien verstande dat—

(i) hierdie subklousule nie geld nie wanneer die verskil tussen die klasse ingevolge subklousule (1) op ouderdom, ondervinding of geslag berus;

(ii) tensy daar in 'n skriftelike kontrak tussen 'n werkgewer en sy werknemer uitdruklik anders bepaal word, niks in hierdie Vasstelling só uitgelê mag word dat dit 'n werkgewer belet om van sy werknemer te vereis om 'n ander klas werk te verrig waarvoor die voorgeskrewe loon dieselfde of laer is as dié wat vir so 'n werknemer voorgeskryf word nie.

(4) *Loonberekening.*—(a) Die uurloon van 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, is sy weekloon gedeel deur die getal gewone werkure wat vir so 'n werknemer in enige week voorgeskryf is.

(b) Die dagloon van 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, is sy weekloon gedeel deur—

(i) vyf, in die geval van 'n werknemer wat normaalweg vyf dae per week werk;

(ii) ses, in die geval van enige ander werknemer.

(c) Die maandloon van 'n werknemer is vier en 'n derde maal sy weekloon.

## 4. BETALING VAN BESOLDIGING

(1) *Werknemers, uitgesonderd los werknemers.*—Behoudens klousule 6 (4), moet elke bedrag verskuldig aan 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, weekliks in kontant of, as die werknemer daartoe instem, maandeliks in kontant of per tjek betaal word gedurende die werkure op die gewone betaaldag van die bedryfsinrigting vir so 'n werknemer, of by diensbeëindiging, as dit voor die gewone betaaldag geskied, en sodanige bedrag moet in 'n verseëlde koevert of houer wees waarop of wat vergesel gaan van 'n staat waarop gemeld word—

(a) die werkgewer se naam;

(b) die werknemer se naam of sy nommer op die betaalstaat en sy beroep;

(c) die getal gewone werkure wat die werknemer gewerk het;

(d) die getal ure wat die werknemer oortyd gewerk het;

(e) die werknemer se loon;

(f) besonderhede van enige ander besoldiging wat uit die werknemer se diens voortspruit;

(g) besonderhede van enige bedrag wat afgetrek is;

(h) die werklike bedrag wat aan die werknemer betaal word; en

(i) die tydperk waarvoor die betaling geskied;

en sodanige koevert of houer waarop hierdie inligting aangeteken is of sodanige staat word die eiendom van die werknemer: Met dien verstande dat—

(i) op die skriftelike versoek van die werknemer, die bedrag aan hom verskuldig gestort kan word op sy bouvereniging- of bankrekening deur die werkgewer wat die betrokke kwitansie, tesame met voornoemde staat, aan hom moet oorhandig;

(ii) the aforementioned information relating to time worked need not be furnished to an employee who is excluded from the provisions relating to hours of work by virtue of clause 5 (9) (a) or (c).

(2) *Casual employee.*—An employer shall pay the remuneration due to a casual employee in cash on termination of his employment, but at least once a week.

(3) *Premiums.*—No payment shall be made to or accepted by an employer, either directly or indirectly, in respect of the employment or training of an employee.

(4) *Purchase of goods.*—An employer shall not require his employee to purchase any goods from him or from any shop, place or person nominated by him.

(5) *Board and lodging.*—Save as provided in the Bantu (Urban Areas) Consolidation Act, 1945, an employer shall not require his employee to board or lodge or board and lodge with him or with any other person or at any place nominated by him.

(6) *Deductions.*—An employer shall not impose any fines on his employee nor shall he make any deduction from his employee's remuneration: Provided that he may make the following deductions:

(a) With the written consent of his employee, a deduction for holiday, sick benefit, insurance, savings, provident or pension funds, or for subscriptions to trade unions;

(b) except where otherwise provided in this Determination, whenever an employee is absent from work other than on the instructions or at the request of his employer, a deduction proportionate to the period of his absence and calculated on the basis of the wage which such employee was receiving in respect of his ordinary hours of work at the time of such absence;

(c) a deduction of any amount which an employer is required or permitted to make by law or by order of any competent court;

(d) whenever an employee agrees or is required in terms of the Bantu (Urban Areas) Consolidation Act, 1945, to accept board and lodging or board or lodging with his employer, a deduction not exceeding the amounts specified below:

| | *Per week* R | *Per month* R |
|---|---|---|
| (i) Board | 1,30 | 5,63 |
| (ii) Lodging | 0,70 | 3,04 |
| (iii) Board and lodging | 2,00 | 8,67 |

(e) with the written consent of an employee, a deduction of any amount which an employer has paid to any municipal council or other local authority in respect of the rent of any house or accommodation in any hostel occupied by such employee in any Bantu residential area or Bantu village under the control of such council or other local authority.

## 5. HOURS OF WORK, ORDINARY AND OVERTIME, AND PAYMENT FOR OVERTIME

(1) *Ordinary hours of work.*—An employer shall not require or permit an employee to work more ordinary hours of work than—

(a) in the case of a grill-hand, a kitchen-hand, a delivery employee and a general worker—

(i) forty-eight in any week; and

(ii) eight on six days in any week or five and a half on one day and eight and a half on five days in any week;

(b) in the case of a part-time employee—

(i) twenty-five in any week; and

(ii) five on any day;

(c) in the case of a casual employee, eight on any day;

(d) in the case of all other employees—

(i) forty-six in any week; and

(ii) subject to subparagraph (i) hereof, nine on any day.

(2) *Number of work days.*—An employer shall not require or permit an employee to work on more than six days in any week.

(3) *Meal intervals.*—An employer shall not require or permit an employee to work for more than five hours continuously without a meal interval of not less than half an hour, during which interval such employee shall not be required or permitted to perform any work, and such interval shall not form part of the ordinary hours of work or overtime.

(ii) voornoemde inligting betreffende tyd gewerk nie verstrek hoef te word aan 'n werknemer wat ingevolge klousule 5 (9) (a) of (c) van die werkurebepalings uitgesluit is nie.

(2) *Los werknemer.*—'n Werkgewer moet die besoldiging wat aan 'n los werknemer verskuldig is, by die beëindiging van sy diens in kontant aan hom betaal, maar minstens een maal per week.

(3) *Premies.*—Geen bedrag mag regstreeks of onregstreeks vir die indiensneming of opleiding van 'n werknemer aan 'n werkgewer betaal of deur hom aangeneem word nie.

(4) *Koop van goedere.*—'n Werkgewer mag nie van sy werknemer vereis om goedere van hom of van enige winkel, plek of persoon deur hom aangewys, te koop nie.

(5) *Kos en inwoning.*—Behoudens die Bantoes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, mag 'n werkgewer nie van sy werknemer vereis om kos of inwoning of kos en inwoning van hom of van enigiemand anders of op 'n plek deur hom aangewys, aan te neem nie.

(6) *Aftrekkings.*—'n Werkgewer mag sy werknemer geen boetes oplê of enige bedrae van sy werknemer se besoldiging aftrek nie: Met dien verstande dat hy die volgende kan aftrek:

(a) Met die skriftelike toestemming van sy werknemer, 'n bedrag vir 'n vakansie-, siektebystands-, versekerings-, spaar-, voorsorg- of pensioenfonds, of vir ledegelde van vakverenigings;

(b) behoudens andersluidende bepalings in hierdie Vasstelling, telkens wanneer 'n werknemer om 'n ander rede as op las of versoek van sy werkgewer van sy werk afwesig is, 'n bedrag eweredig aan die tydperk van sy afwesigheid en bereken op die grondslag van die loon wat sodanige werknemer ten tyde van sodanige afwesigheid ten opsigte van sy gewone werkure ontvang het;

(c) enige bedrag wat 'n werkgewer regtens of kragtens of ingevolge 'n bevel van 'n bevoegde hof mag of moet aftrek;

(d) wanneer 'n werknemer daartoe instem of daar ingevolge die Bantoes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, van hom vereis word om kos en inwoning of kos of inwoning van sy werkgewer aan te neem 'n bedrag van hoogstens—

| | *Per week* R | *Per maand* R |
|---|---|---|
| (i) Kos | 1,30 | 5,63 |
| (ii) Inwoning | 0,70 | 3,04 |
| (iii) Kos en inwoning | 2,00 | 8,67 |

(e) met die skriftelike toestemming van 'n werknemer, enige bedrag wat 'n werkgewer aan 'n munisipale raad of ander plaaslike bestuur betaal het aan huur van 'n huis, of aan huisvesting in 'n tehuis, wat die werknemer in 'n Bantoewoongebied of Bantoedorp onder die beheer van so 'n raad of ander plaaslike bestuur bewoon.

## 5. WERKURE, GEWONE EN OORTYD-, EN BETALING VIR OORTYDWERK

(1) *Gewone werkure.*—'n Werkgewer mag nie van 'n werknemer vereis of hom toelaat om meer gewone werkure te werk nie as—

(a) in die geval van 'n roosterbediener, 'n kombuiswerker, 'n besteller en 'n algemene werker—

(i) agt-en-veertig in 'n week; en

(ii) agt op ses dae in 'n week of vyf en 'n half op een dag en agt en 'n half op vyf dae in 'n week;

(b) in die geval van 'n deeltydse werknemer—

(i) vyf-en-twintig in 'n week; en

(ii) vyf op 'n dag;

(c) in die geval van 'n los werknemer, agt op 'n dag;

(d) in die geval van alle ander werknemers—

(i) ses-en-veertig in 'n week; en

(ii) behoudens subparagraaf (i) hiervan, nege op 'n dag.

(2) *Getal werkdae.*—'n Werkgewer mag nie van 'n werknemer vereis of hom toelaat om op meer as ses dae in 'n week te werk nie.

(3) *Etenspouses.*—'n Werkgewer mag nie van 'n werknemer vereis of hom toelaat om meer as vyf uur aaneen sonder 'n etenspouse van minstens 'n halfuur te werk nie, en gedurende sodanige pouse mag daar nie van sodanige werknemer vereis word of mag hy nie toegelaat word om enige werk te verrig nie, en sodanige pouse maak nie deel van die gewone werkure of oortydure uit nie.

(4) *Overtime.*—All time worked by an employee in excess of the number of ordinary hours of work prescribed in subclause (1) shall be overtime.

(5) *Limitation of overtime.*—An employer shall not require or permit an employee to work overtime for more than—

(a) in the case of a casual employee, two hours on any day;

(b) in the case of a general worker or delivery employee, six hours in any week and three hours on any day;

(c) in the case of all other employees—

(i) sixty hours in any year;

(ii) six hours in any week;

(iii) three hours on any day:

Provided that the limitation of overtime prescribed in this subclause may be exceeded by not more than 20 hours during the period 15 December to 14 January, but in such a manner that the daily limitation is not exceeded.

(6) *Payment for overtime.*—An employer shall pay an employee who works overtime at a rate of not less than—

(a) in the case of a casual employee, one and one-third times his ordinary wage in respect of the total period so worked by such employee on any day;

(b) in the case of any other employee, one and one-third times his ordinary wage in respect of the total period so worked by such employee in any week.

(7) *Spread-over.*—The ordinary hours of work and all overtime of an employee shall be completed and all meal breaks shall be included within a spread-over of—

(a) in the case of a part-time employee, six consecutive hours;

(b) in the case of a casual employee, 12 consecutive hours;

(c) in the case of all other employees, 12 consecutive hours:

Provided that on one day in a week the spread-over referred to in paragraph (c) may be increased by one hour.

(8) *Female employees.*—An employer shall not require or permit a female employee under the age of 18 years to work after 8 p.m.

(9) *Provisos.*—(a) This clause shall not apply to an employee if and for so long as such employee is in regular receipt of a wage of not less than R280 per month.

(b) Subclauses (2), (3), (5) and (7) shall not apply to an employee while he is engaged in doing emergency work.

(c) This clause shall not apply to a watchman whose employer grants him a free period of not less than 24 consecutive hours in respect of every week of employment: Provided that—

(i) an employer shall make no deduction from his watchman's wage in respect thereof;

(ii) an employer may, in lieu of granting his watchman any such free period, pay such watchman the wage which he would have received if he had not worked during such period, plus an amount of not less than double his daily wage in respect of such free period not granted.

## 6. ANNUAL LEAVE

(1) An employer shall, subject to subclause (2), grant to his employee, other than a casual employee, in respect of each completed period of 12 months of employment with him—

(a) in the case of a watchman, 24 consecutive days' leave;

(b) in the case of every other employee, 21 consecutive days' leave;

and shall pay such employee in respect of such leave—

(i) in the case of an employee referred to in paragraph (a), an amount of not less than three and a half times the weekly wage which he was receiving immediately before the commencement of the leave;

(ii) in the case of an employee referred to in paragraph (b), an amount of not less than three times the weekly wage which he was receiving immediately before the commencement of the leave.

(4) *Oortydwerk.*—Alle tyd wat 'n werknemer langer werk as die getal gewone werkure wat by subklousule (1) voorgeskryf word, is oortydwerk.

(5) *Beperking van oortydwerk.*—'n Werkgewer mag nie van 'n werknemer vereis of hom toelaat om langer oortyd te werk nie as—

(a) in die geval van 'n los werknemer, twee uur op 'n dag;

(b) in die geval van 'n algemene werker of besteller, ses uur in 'n week en drie uur op 'n dag;

(c) in die geval van alle ander werknemers—

(i) sestig uur in 'n jaar;

(ii) ses uur in 'n week;

(iii) drie uur op 'n dag:

Met dien verstande dat die beperkings van oortydwerk in hierdie subklousule voorgeskryf gedurende die tydperk 15 Desember tot 14 Januarie met hoogstens 20 uur oorskry mag word maar dan só dat die daaglikse beperkings nie oorskry word nie.

(6) *Betaling vir oortydwerk.*—'n Werkgewer moet 'n werknemer wat oortyd werk, betaal teen minstens—

(a) in die geval van 'n los werknemer, een en 'n derde maal sy gewone loon ten opsigte van die totale tydperk aldus deur sodanige werknemer op 'n dag gewerk;

(b) in die geval van 'n ander werknemer, een en 'n derde maal sy gewone loon ten opsigte van die totale tydperk aldus deur sodanige werknemer in 'n week gewerk.

(7) *Werkdagindeling.*—Die gewone werkure en alle oortydwerk deur 'n werknemer gewerk moet voltooi word en alle etenspouses moet ingesluit word binne 'n werkdagindeling van—

(a) in die geval van 'n deeltydse werknemer, ses agtereenvolgende ure;

(b) in die geval van 'n los werknemer, 12 agtereenvolgende ure;

(c) in die geval van alle ander werknemers, 12 agtereenvolgende ure:

Met dien verstande dat op een dag in 'n week die werkdagindeling in paragraaf (c) vermeld met een uur verleng mag word.

(8) *Vroulike werknemers.*—'n Werkgewer mag nie van 'n vroulike werknemer onder die ouderdom van 18 jaar vereis of haar toelaat om na 8 nm. te werk nie.

(9) *Voorbehoudsbepalings.*—(a) Hierdie klousule is nie op 'n werknemer van toepassing nie indien en solank so 'n werknemer gereeld 'n loon van minstens R280 per maand ontvang.

(b) Subklousules (2), (3), (5) en (7) is nie op 'n werknemer van toepassing nie terwyl hy noodwerk verrig.

(c) Hierdie klousule is nie op 'n wag wie se werkgewer hom 'n vry periode van minstens 24 agtereenvolgende ure in elke week diens toestaan, van toepassing nie: Met dien verstande dat—

(i) 'n werkgewer geen bedrag van sy wag se loon ten opsigte daarvan aftrek nie;

(ii) 'n werkgewer, in plaas daarvan dat hy sodanige vry periode aan sy wag toestaan, sodanige wag dié loon kan betaal wat hy sou ontvang het indien hy nie gedurende sodanige periode gewerk het nie, plus 'n bedrag van minstens dubbel sy dagloon ten opsigte van sodanige vry periode wat nie toegestaan is nie.

## 6. JAARLIKSE VERLOF

(1) Behoudens subklousule (2), moet 'n werkgewer aan sy werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, ten opsigte van elke voltooide tydperk van 12 maande diens by hom verlof verleen van—

(a) in die geval van 'n wag, 24 agtereenvolgende dae;

(b) in die geval van enige ander werknemer, 21 agtereenvolgende dae;

en moet hy sodanige werknemer ten opsigte van sodanige verlof betaal—

(i) in die geval van 'n werknemer in paragraaf (a) bedoel, 'n bedrag van minstens drie en 'n half maal die weekloon wat hy onmiddellik voor die aanvangsdatum van die verlof ontvang het;

(ii) in die geval van 'n werknemer in paragraaf (b) bedoel, 'n bedrag van minstens drie maal die weekloon wat hy onmiddellik voor die aanvangsdatum van die verlof ontvang het.

(2) The leave prescribed in subclause (1) shall be granted at a time to be fixed by the employer: Provided that—

(i) if such leave has not been granted earlier, it shall, save as provided in subclause (3), be granted so as to commence within four months after the completion of the 12 months of employment to which it relates or, if the employer and employee have agreed thereto, in writing, before the expiration of the said period of four months, the employer may grant such leave to the employee as from a date not later than two months after the expiration of the said period of four months;

(ii) the period of leave shall not be concurrent with sick leave granted in terms of clause 7 nor, unless the employee so requests and the employer agrees, in writing, with any period of military training or service under the Defence Act, 1957;

(iii) if a public holiday falls within the period of such leave, another work day shall, for each such holiday, be added to the said period as a further period of leave, and the employee shall be paid an amount of not less than his daily wage in respect of each such day added;

(iv) an employer may set off against such period of leave any days of occasional leave granted on full pay to his employee at such employee's written request during the period of 12 months of employment to which the period of leave relates;

(v) when an employer requires his employee to take leave before the expiration of the 12 months of employment to which it relates, the employer shall grant such employee the full period of leave accruable for 12 months of employment and, with due regard to the accrual of any increments in terms of clause 3, shall pay such employee in respect of such leave an amount not less than that to which the employee would be entitled at the date on which the leave would normally accrue: Provided that where an employee's employment terminates before the expiration of the 12 months in respect of which the leave was granted in terms of this proviso, the employer may set off, against any remuneration due to the employee on termination of employment, the difference between the amount paid to the employee in terms hereof and the amount to which he would have been entitled on termination in terms of subclause (5), if the leave had not been granted to him.

(3) (a) At the written request of his employee, an employer may permit the leave to accumulate over a period of not more than 24 months of employment: Provided that—

(i) the request is made by such employee within four months of the expiration of the first period of 12 months of employment to which the leave relates; and

(ii) the date of the receipt of the request is endorsed on the request over his signature by the employer, who shall retain the request until at least after the expiration of the period of leave.

(b) Subclause (2) shall apply *mutatis mutandis* to the leave referred to in this subclause.

(4) The remuneration in respect of the leave prescribed in subclause (1), read with subclause (3), shall be paid not later than the last work day before the date of commencement of the leave.

(5) An employee whose employment terminates during any period of 12 months of employment before the period of leave prescribed in subclause (1) in respect of such period has accrued shall, upon such termination and in addition to any other remuneration which may be due to him, be paid in respect of each completed month of such period of employment an amount of not less than—

(a) in the case of an employee referred to in subclause (1) (a), seven twenty-fourths; and

(b) in the case of an employee referred to in subclause (1) (b) one-fourth;

of the weekly wage he was receiving immediately before the date of such termination: Provided that an employer may make a proportionate deduction in respect of any period of leave

(2) Die verlof by subklousule (1) voorgeskryf, moet verleen word op 'n tyd wat die werkgewer bepaal: Met dien verstande dat—

(i) as sodanige verlof nie eerder verleen is nie, dit, behoudens subklousule (3), so verleen moet word dat dit binne vier maande begin na voltooiing van die 12 maande diens waarop dit betrekking het of, as die werkgewer en sy werknemer voor die verstryking van genoemde tydperk van vier maande skriftelik daartoe ooreengekom het, die werkgewer sodanige verlof aan die werknemer kan verleen met ingang van 'n datum uiterlik twee maande na die verstryking van genoemde tydperk van vier maande;

(ii) die tydperk van verlof nie met siekteverlof wat ingevolge klousule 7 verleen is of, tensy die werknemer dit versoek en die werkgewer skriftelik daartoe instem, met enige tydperk van militêre opleiding of diens ingevolge die Verdedigingswet, 1957, mag saamval nie;

(iii) as 'n openbare vakansiedag binne die tydperk van sodanige verlof val, daar vir elke sodanige vakansiedag nog 'n werkdag by gemelde tydperk gevoeg moet word as 'n verdere tydperk van verlof en dat die werknemer vir elke sodanige dag wat bygevoeg word, 'n bedrag van minstens sy dagloon betaal moet word;

(iv) 'n werkgewer al die dae geleentheidsverlof wat op die skriftelike versoek van sy werknemer met volle betaling aan hom verleen is gedurende die tydperk van 12 maande diens-tydperk kan aftrek;

(v) wanneer 'n werkgewer van sy werknemer vereis om verlof te neem voor die verstryking van die 12 maande diens waarop dit betrekking het, die werkgewer aan sodanige werknemer die volle verloftydperk oploopbaar vir 12 maande diens, moet toestaan, en, met behoorlike inagneming van die toeval van enige verhogings ingevolge klousule 3, sodanige werknemer ten opsigte van sodanige verlof 'n bedrag betaal van minstens dié waarop die werknemer geregtig sou gewees het op die datum waarop die verlof in gewone omstandighede sou toeval: Met dien verstande dat, waar 'n werknemer se diens eindig voor die verstryking van die 12 maande ten opsigte waarvan die verlof ingevolge hierdie voorbehoudsbepaling toegestaan is, die werkgewer die verskil tussen die bedrag aan die werknemer betaal ingevolge hiervan en die bedrag waarop hy ingevolge subklousule (5) by diensbeëindiging geregtig sou gewees het, indien die verlof nie aan hom toegestaan was nie, van die besoldiging aan die werknemer verskuldig by die diensbeëindiging kan aftrek.

(3) (a) Op die skriftelike versoek van sy werknemer kan 'n werkgewer toelaat dat die verlof oor 'n tydperk van hoogstens 24 maande diens oploop: Met dien verstande dat—

(i) sodanige werknemer so 'n versoek doen binne vier maande na verstryking van die eerste tydperk van 12 maande diens waarop die verlof betrekking het; en

(ii) die werkgewer die datum van ontvangs van sodanige versoek daarop aanbring en dit onderteken en die versoek tot minstens na verstryking van die verloftydperk bewaar.

(b) Subklousule (2) is *mutatis mutandis* van toepassing op die verlof in hierdie subklousule bedoel.

(4) Die besoldiging ten opsigte van die verlof voorgeskryf by subklousule (1), gelees met subklousule (3), moet uiterlik op die laaste werkdag voor die aanvangsdatum van die verlof betaal word.

(5) Aan 'n werknemer wie se diens gedurende enige dienstermyn van 12 maande eindig voordat die verloftydperk, by subklousule (1) voorgeskryf, ten opsigte van so 'n termyn opgeloop het, moet daar by sodanige diensbeëindiging, benewens enige ander besoldiging wat aan hom verskuldig mag wees, vir elke voltooide maand van sodanige dienstermyn 'n bedrag betaal word van minstens—

(a) in die geval van 'n werknemer in subklousule (1) (a) bedoel, sewe vier-en-twintigstes van die weekloon; en

(b) in die geval van 'n werknemer in subklousule (1) (b) bedoel, een vierde van die weekloon;

wat hy onmiddellik voor die datum van sodanige diensbeëindiging ontvang het: Met dien verstande dat 'n werkgewer ten opsigte

granted to an employee in terms of the fourth proviso to subclause (2): Provided further that subject to clause 12 (4), an employee—

(i) who leaves his employment without having given and served the period of notice prescribed in clause 12, unless the employer has waived such notice or the employee has paid the employer in lieu of notice; or

(ii) who leaves his employment without cause recognised by law as sufficient; or

(iii) who is discharged without notice by his employer for any cause recognised by law as sufficient for such discharge without notice;

shall not be entitled to any payment by virtue of this subclause.

(6) An employee who has become entitled to a period of leave prescribed in subclause (1), read with subclause (3), and whose employment terminates before such leave has been granted, shall, upon such termination, be paid the amount he would have received in respect of the leave, had the leave been granted to him as at the date of the termination.

(7) For the purposes of this clause the expression "employment" shall be deemed to include—

(a) any period in respect of which an employer, in terms of clause 12, pays an employee in lieu of notice;

(b) any period during which an employee is absent—

(i) on leave in terms of this clause;

(ii) on sick leave in terms of clause 7;

(iii) on the instructions or at the request of his employer;

amounting in the aggregate in any year to not more than 10 weeks; and

(c) any period during which an employee is absent on military training or service in terms of the Defence Act, 1957: Provided that an employee shall not be entitled to claim as employment more than four months of any one period of such training or service;

and employment shall be deemed to commence—

(i) in the case of an employee who had, before this Determination became binding, become entitled to a period of annual leave in terms of any law, on the date on which such employee last became entitled to such leave under such law;

(ii) in the case of an employee who was in employment before this Determination became binding and to whom any law providing for annual leave applied, but who had not become entitled to a period of leave in terms thereof, on the date on which such employment commenced;

(iii) in the case of any other employee, on the date on which such employee entered his employer's service or on the date on which this Determination became binding, whichever is the later.

## 7. SICK LEAVE

(1) An employer shall, subject to subclause (2), grant to his employee, other than a casual employee, who is absent from work through incapacity—

(a) in the case of an employee who ordinarily works a five-day week, not less than 30 work days'; and

(b) in the case of every other employee, not less than 36 work days' sick leave in the aggregate;

during each cycle of 36 consecutive months of employment with him, and shall pay such employee in respect of any period of absence in terms of this subclause not less than the wage he would have received had he worked during such period: Provided that—

(i) in the first 12 consecutive months of employment an employee shall not be entitled to sick leave on full pay at a rate of more than, in the case of an employee who works a five-day week, one work day in respect of each completed period of five weeks of employment and, in the case of every other employee, one work day in respect of each completed month of employment;

(ii) this clause shall not apply to an employee at whose written request an employer makes contributions, at least equal to those made by the employee, to any fund or organisation nominated by the employee, which fund or organisation guarantees to the employee in the event of his incapacity in the circumstances set out in this clause the payment to him of not less than in the aggregate the equivalent of his wage for 30 or 36 work days, as the case may be, in each cycle of 36 months of employment;

van 'n verloftydperk wat hy ingevolge die vierde voorbehoudsbepaling van subklousule (2) aan 'n werknemer verleen het, 'n eweredige bedrag kan aftrek: Voorts met dien verstande dat, behoudens klousule 12 (4), 'n werknemer—

(i) wat sy diens verlaat sonder om die kennis te gee en die kennisgewingstermyn uit te dien wat by klousule 12 voorgeskryf word, tensy die werkgewer van sodanige kennisgewing afgesien het of tensy die werknemer sy werkgewer betaal het in plaas daarvan om aldus kennis te gee; of

(ii) wat sy diens sonder 'n regsgeldige rede verlaat; of

(iii) wat sonder kennisgewing deur sy werkgewer ontslaan word om 'n rede wat vir sodanige ontslag sonder kennisgewing regsgeldig is;

op geen betaling uit hoofde van hierdie subklousule geregtig is nie.

(6) 'n Werknemer wat geregtig geword het op 'n tydperk van verlof voorgeskryf by subklousule (1), gelees met subklousule (3), en wie se diens eindig voordat sodanige verlof verleen is, moet by sodanige diensbeëindiging die bedrag betaal word wat hy ten opsigte van die verlof sou ontvang het as die verlof op die datum van diensbeëindiging aan hom verleen was.

(7) By die toepassing van hierdie klousule word die uitdrukking "diens" geag te omvat—

(a) enige tydperk ten opsigte waarvan 'n werkgewer 'n werknemer ingevolge klousule 12 betaal in plaas van kennis te gee;

(b) enige tydperk wat 'n werknemer afwesig is—

(i) met verlof ingevolge hierdie klousule;

(ii) met siekteverlof ingevolge klousule 7;

(iii) op las of versoek van sy werkgewer;

en wel tot 'n totaal, in enige jaar, van hoogstens 10 weke; en

(c) enige tydperk wat 'n werknemer afwesig is vir militêre opleiding of diens ingevolge die Verdedigingswet, 1957: Met dien verstande dat 'n werknemer nie geregtig is om meer as vier maande van een sodanige opleidings- of dienstydperk as diens te eis nie;

en word diens geag te begin—

(i) in die geval van 'n werknemer wat, voordat hierdie Vasstelling bindend geword het, kragtens enige wet op 'n tydperk van jaarlikse verlof geregtig geword het, op die datum waarop sodanige werknemer laas kragtens sodanige wet op verlof geregtig geword het;

(ii) in die geval van 'n werknemer wat, voordat hierdie Vasstelling bindend geword het, in diens was en op wie enige wet wat vir jaarlikse verlof voorsiening maak, van toepassing was maar wat nog nie daarkragtens op 'n tydperk van verlof geregtig geword het nie, op die aanvangsdatum van sodanige diens;

(iii) in die geval van enige ander werknemer, op die datum waarop sodanige werknemer by sy werkgewer in diens getree het of op die datum waarop hierdie Vasstelling bindend geword het, en wel op die jongste van die twee datums.

## 7. SIEKTEVERLOF

(1) Behoudens subklousule (2), moet 'n werkgewer aan sy werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, wat weens ongeskiktheid van die werk afwesig is, siekteverlof verleen van—

(a) in die geval van 'n werknemer wat normaalweg vyf dae per week werk, altesaam minstens 30 werkdae; en

(b) in die geval van enige ander werknemer, altesaam minstens 36 werkdae;

gedurende elke tydkring van 36 agtereenvolgende maande diens by hom, en moet hy sodanige werknemer ten opsigte van enige tydperk van afwesigheid ingevolge hierdie subklousule minstens die loon betaal wat hy sou ontvang het as hy gedurende sodanige tydperk gewerk het: Met dien verstande dat—

(i) 'n werknemer gedurende die eerste 12 agtereenvolgende maande diens nie op meer siekteverlof met volle betaling geregtig is nie as, in die geval van 'n werknemer met 'n werkweek van vyf dae, een werkdag ten opsigte van elke voltooide tydperk van vyf weke diens en, in die geval van enige ander werknemer, een werkdag ten opsigte van elke voltooide maand diens;

(ii) hierdie klousule nie van toepassing is nie op 'n werknemer op wie se skriftelike versoek 'n werkgewer bydraes wat minstens gelyk is aan dié wat die werknemer self bydra, aan 'n fonds of organisasie betaal wat die werknemer aanwys en wat die werknemer waarborg dat, in geval van sy ongeskiktheid in die omstandighede in hierdie klousule vermeld, altesaam minstens die ekwivalent van sy loon vir 30 of 36 werkdae, na gelang van die geval, in elke tydkring van 36 maande diens aan hom betaal sal word;

(iii) where an employer is by any law required to pay fees for hospital or medical treatment in respect of an employee, and pay such fees, the amount so paid may be set off against the payment due in terms of this clause, in respect of absence owing to incapacity;

(iv) if, in respect of any period of incapacity covered by this clause, an employer is required by any other law to pay to an employee his full wages, the provisions of this clause shall not apply.

(2) An employer may, as a condition precedent to the payment by him of any amount claimed in terms of this clause by an employee in respect of any absence from work for a period covering more than two consecutive days, require the employee to produce a certificate signed by a registered medical practitioner stating the nature and duration of the employee's incapacity: Provided that, when an employee has during any period of up to eight weeks received payment in terms of this clause on two or more occasions without producing such a certificate, his employer may, during the period of eight weeks immediately succeeding the last such occassion, require him to produce such a certificate in respect of any absence from work.

(3) For the purposes of this clause the expression—

(a) "employment" shall be deemed to include—

(i) any period during which an employee is absent—

(aa) on leave in terms of clause 6;

(ab) on the instructions or at the request of his employer;

(ac) on sick leave in terms of subclause (1);

amounting, in the aggregate, to not more than 10 weeks in any year; and

(ii) any period during which an employee is absent on military training or service in terms of the Defence Act, 1957: Provided that an employee shall not be entitled to claim as employment more than four months of any one period of such training or service;

and any period of employment which an employee has had with the same employer immediately before this Determination became binding shall, for the purpose of this clause, be deemed to be employment under this Determination, and any sick leave on full pay granted to such an employee during such period shall be deemed to have been granted under this Determination;

(b) "incapacity" means inability to work owing to any sickness or injury other than sickness or injury caused by an employee's own misconduct: Provided that any such inability to work caused by an accident or sickness for which compensation is payable under the Workmen's Compensation Act, 1941, shall be regarded as incapacity only during any period in respect of which no disablement payment is payable in terms of the said Act.

## 8. PUBLIC HOLIDAYS

(1) If an employee, other than a casual employee, does not work on a public holiday, his employer shall subject to clause 4 (6), pay him not less than his weekly wage for the week in which such day falls.

(2) Whenever an employee works on a public holiday his employer shall—

(a) save as provided in clause 4 (6), pay him, for the week in which such day falls, not less than his weekly wage, plus an amount in respect of each such day worked of not less than his daily wage; or

(b) grant him within 14 days of such public holiday one day's leave and pay him in respect thereof an amount of not less than his daily wage; or

(c) grant him in addition to the period of annual leave prescribed in clause 6 and continuous therewith, one day's leave for each public holiday worked and pay him in respect of each such day not less than his daily wage: Provided that, if an employee's employment terminates before he has been granted his annual leave, his employer shall, on such termination and in addition to any other remuneration due to him, pay him his daily wage in respect of each such public holiday worked.

(iii) waar 'n werkgewer ingevolge 'n wet gelde vir hospitaal- of mediese behandeling ten opsigte van 'n werknemer moet betaal en sodanige gelde wel betaal, die bedrag wat aldus betaal is, afgetrek kan word van die bedrag wat ingevolge hierdie klousule ten opsigte van afwesigheid weens ongeskiktheid verskuldig is;

(iv) indien daar by 'n ander wet van 'n werkgewer vereis word om 'n werknemer sy volle loon te betaal ten opsigte van 'n tydperk van ongeskiktheid waarvoor hierdie klousule voorsiening maak, hierdie klousule nie van toepassing is nie.

(2) 'n Werkgewer kan, as 'n opskortende voorwaarde vir die betaling, deur hom, van 'n bedrag wat 'n werknemer kragtens hierdie klousule eis ten opsigte van enige afwesigheid van sy werk vir 'n tydperk van langer as twee agtereenvolgende werkdae, van die werknemer vereis om 'n sertifikaat voor te lê wat deur 'n geregistreerde mediese praktisyn onderteken is en waarin die aard en duur van die werknemer se ongeskiktheid vermeld word: Met dien verstande dat, wanneer 'n werknemer gedurende enige tydperk van hoogstens agt weke by twee of meer geleenthede betaling ingevolge hierdie klousule ontvang het sonder om so 'n sertifikaat voor te lê, sy werkgewer gedurende die tydperk van agt weke onmiddellik na die laaste sodanige geleentheid van hom kan vereis om so 'n sertifikaat ten opsigte van enige afwesigheid voor te lê.

(3) By die toepassing van hierdie klousule—

(a) word die uitdrukking "diens" geag te omvat—

(i) enige tydperk wat 'n werknemer afwesig is—

(aa) met verlof ingevolge klousule 6;

(ab) op las of versoek van sy werkgewer;

(ac) met siekteverlof ingevolge subklousule (1);

en wat in enige jaar altesaam hoogstens 10 weke beloop; en

(ii) enige tydperk wat 'n werknemer afwesig is vir militêre opleiding of diens ingevolge die Verdedigingswet, 1957: Met dien verstande dat 'n werknemer nie geregtig is om meer as vier maande van een sodanige opleidings- of dienstydperk as diens te eis nie;

en word enige tydperk van diens by dieselfde werkgewer onmiddellik voordat hierdie Vasstelling bindend geword het, by die toepassing van hierdie klousule geag diens ingevolge hierdie Vasstelling te wees, en word alle siekteverlof wat met volle betaling aan so 'n werknemer gedurende sodanige tydperk verleen is, geag ingevolge hierdie Vasstelling verleen te wees;

(b) beteken "ongeskiktheid" onvermoë om te werk weens siekte of besering, behalwe siekte of besering wat deur 'n werknemer se eie wangedrag veroorsaak is: Met dien verstande dat sodanige onvermoë om te werk wat veroorsaak is deur 'n ongeluk of vergoedingspligtige siekte waarvoor vergoeding kragtens die Ongevallewet, 1941, betaalbaar is, slegs as ongeskiktheid beskou word gedurende 'n tydperk ten opsigte waarvan geen ongeskiktheidsbetaling ingevolge daardie Wet betaalbaar is nie.

## 8. OPENBARE VAKANSIEDAE

(1) Behoudens klousule 4 (6), moet 'n werkgewer aan 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, wat nie op 'n openbare vakansiedag werk nie, minstens sy weekloon betaal vir die week waarin so 'n dag val.

(2) Wanneer 'n werknemer op 'n openbare vakansiedag werk, moet sy werkgewer—

(a) behoudens klousule 4 (6), hom vir die week waarin so 'n dag val, minstens sy weekloon betaal, plus minstens sy dagloon vir elke sodanige dag wat hy gewerk het; of

(b) hom binne 14 dae na sodanige openbare vakansiedag een dag verlof toestaan en hom ten opsigte daarvan 'n bedrag van minstens sy dagloon betaal; of

(c) hom benewens die tydperk van jaarlikse verlof by klousule 6 voorgeskryf en aaneenlopend daarmee, een dag verlof toestaan vir elke openbare vakansiedag waarop hy aldus gewerk het, en hom ten opsigte van elke sodanige dag minstens sy dagloon betaal: Met dien verstande dat, indien 'n werknemer se diens verstryk voordat sy jaarlikse verlof aan hom toegestaan was, sy werkgewer hom by sodanige diensbeëindiging en benewens enige ander besoldiging aan hom verskuldig, sy dagloon moet betaal vir elke sodanige openbare vakansiedag waarop hy gewerk het.

(3) Subclause (2) shall not apply—

(a) to a watchman or a casual employee;

(b) to any employee if and for so long as such employee is in regular receipt of a wage of not less than R280 per month.

### 9. PROHIBITION OF EMPLOYMENT

An employer shall not employ any person under the age of 15 years.

### 10. UNIFORMS, OVERALLS AND PROTECTIVE CLOTHING

An employer shall supply and maintain in serviceable and clean condition, free of charge, any uniform, overall, washable coat, cap or apron which he requires his employee to wear or which by any law he is compelled to provide for his employee, and any such uniform, overall, washable coat, cap or apron shall remain the property of the employer: Provided that an employer may require an employee to launder any such uniform, overall, washable coat, cap or apron, in which event the employer shall pay such employee an allowance of not less than 50c a week.

### 11. CERTIFICATE OF SERVICE

Except where an employee's contract of employment is terminated on the ground of desertion or where the employee is a casual employee, the employer shall, upon the termination of any contract of employment, furnish the employee with a certificate of service substantially in the form prescribed in the First Schedule to this Determination, showing the full names of the employer and of the employee, the occupation of the employee, the date of commencement and the date of termination of the contract and the weekly wage of the employee on the date of such termination.

### 12. TERMINATION OF CONTRACT OF EMPLOYMENT

(1) An employer or his employee, other than a casual employee, who desires to terminate the contract of employment, shall give—

(a) during the first four weeks of employment, not less than one work day's notice;

(b) in the case of an employee paid weekly, one week's notice after the first four weeks of employment;

(c) in the case of an employee paid monthly, two weeks' notice, after the first four weeks of employment;

of termination of contract, or an employer or employee may terminate the contract without notice by paying the employee or the employer, as the case may be, in lieu of such notice—

(i) in the case of one work day's notice, the daily wage which the employee is receiving at the time of such termination;

(ii) in the case of a week's notice, the weekly wage which the employee is receiving at the time of such termination;

(iii) in the case of two weeks' notice, double the weekly wage which the employee is receiving at the time of such termination:

Provided that this shall not affect—

(i) the right of an employer or an employee to terminate the contract without notice for any cause recognised by law as sufficient;

(ii) any written agreement between an employer and his employee which provides for a period of notice of equal duration on both sides and for longer than that prescribed in this clause;

(iii) the operation of any forfeitures or penalties which by law may be applicable to an employee who deserts.

(3) Subklousule (2) is nie van toepassing nie—

(a) op 'n wag of 'n los werknemer;

(b) op enige werknemer indien en solank so 'n werknemer gereeld 'n loon van minstens R280 per maand ontvang.

### 9. VERBOD OP INDIENSNEMING

'n Werkgewer mag niemand onder die leeftyd van 15 jaar in diens neem nie.

### 10. UNIFORMS, OORPAKKE EN BESKERMENDE KLERE

'n Werkgewer moet alle uniforms, oorpakke, wasbare baadjies, pette of voorskote wat hy van sy werknemer vereis om te dra of wat hy ingevolge enige wet verplig is om aan sy werknemer te verskaf, gratis verskaf en in 'n bruikbare en sindelike toestand hou, en alle sodanige uniforms, oorpakke, wasbare baadjies, pette of voorskote bly die eiendom van die werkgewer: Met dien verstande dat 'n werkgewer van 'n werknemer kan vereis om sodanige uniform, oorpak, wasbare baadjie, pet of voorskoot te was, en in so 'n geval moet die werkgewer so 'n werknemer 'n toelae van minstens 50c per week betaal.

### 11. DIENSSERTIFIKAAT

Behalwe waar 'n werknemer se dienskontrak op grond van diensverlating beëindig word of waar die werknemer 'n los werknemer is, moet die werkgewer by beëindiging van enige dienskontrak die werknemer van 'n dienssertifikaat voorsien wat wesenlik die vorm het soos in die Eerste Bylae van hierdie Vasstelling voorgeskryf en waarin die volle name van die werkgewer en die werknemer, die beroep van die werknemer, die aanvangsdatum en die werkgewer by beëindiging van enige dienskontrak die werknemer van 'n dienssertifikaat voorsien wat wesenlik die vorm het soos in die Eerste Bylae van hierdie Vasstelling voorgeskryf nemer, die beroep van die werknemer, die aanvangsdatum en die datum van beëindiging van die kontrak en die weekloon van die werknemer op die datum van sodanige beëindiging vermeld word.

### 12. BEËINDIGING VAN DIENSKONTRAK

(1) 'n Werkgewer of sy werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, wat die dienskontrak wil beëindig, moet—

(a) gedurende die eerste vier weke diens, minstens een werkdag;

(b) in die geval van 'n weeklikse werknemer een week na die eerste vier weke diens;

(c) in die geval van 'n maandelikse werknemer twee weke na die eerste vier weke diens;

vooraf kennis van die beëindiging van die kontrak gee, of 'n werkgewer of 'n werknemer kan die kontrak sonder kennisgewing beëindig deur, in plaas van sodanige kennisgewing, aan die werknemer of die werkgewer, na gelang van die geval, te betaal—

(i) in die geval van een werkdag kennisgewing, die dagloon wat die werknemer ten tyde van sodanige beëindiging ontvang;

(ii) in die geval van een week kennisgewing, die weekloon wat die werknemer ten tyde van sodanige beëindiging ontvang;

(iii) in die geval van twee weke kennisgewing, twee maal die weekloon wat die werknemer ten tyde van sodanige beëindiging ontvang:

Met dien verstande dat—

(i) die reg van 'n werkgewer of sy werknemer om die kontrak op 'n regsgeldige grond sonder kennisgewing te beëindig;

(ii) 'n skriftelike ooreenkoms tussen 'n werkgewer en sy werknemer waarin voorsiening gemaak word vir 'n kennisgewingstermyn wat vir beide partye ewe lank is en langer is as dié wat in hierdie klousule voorgeskryf word;

(iii) die werking van 'n verbeuring of boete wat regtens van toepassing mag wees op 'n werknemer wat dros;

nie hierdeur geraak word nie.

(2) Where there is an agreement in terms of the second proviso to subclause (1), the payment in lieu of notice shall be commensurate with the period of notice agreed upon.

(3) The notice prescribed in subclause (1) may be given on any work day: Provided that—

(i) the period of notice shall not run concurrently with, nor shall notice be given during, an employee's absence on leave granted in terms of clause 6 or any period of military training or service in terms of the Defence Act, 1957;

(ii) notice shall not be given during an employee's absence on sick leave granted in terms of clause 7.

(4) Notwithstanding anything to the contrary in this Determination, where an employee terminates his contract of employment by leaving his employment without having given and served the required period of notice or without paying his employer in lieu of notice, his employer may, from any moneys which he owes such employee by virtue of any provision of this Determination, appropriate to himself an amount not more than that which such employee would have had to pay him in lieu of notice: Provided that where an employer has so appropriated an amount in lieu of notice, it shall be deemed for the purpose of clause 6 (5) that the employee paid the employer in lieu of notice.

## 13. ATTENDANCE REGISTER

(1) Every employer shall provide in his establishment an attendance register in the form set out in the Second Schedule to this Determination: Provided that in lieu of such attendance register an employer may provide a semi-automatic time recorder with cards which shall reflect similar information.

(2) An employer shall each day record in such attendance register the name and occupation of each of his employees or, where he has provided a semi-automatic time recorder, shall provide each of his employees with a card indicating the name of the employee and the date of the termination of the week in respect of which it is to be used.

(3) Unless prevented from doing so by unavoidable cause, an employee shall, in respect of each day worked by him, and on such day—

(a) record in such attendance register—

(i) his signature;

(ii) the time he commenced work;

(iii) the time of the commencement and the time of the termination of all meal or other intervals which are not reckonable as ordinary hours of work;

(iv) the total number of hours worked; and

(v) the time of finishing work for the day; or

(b) in an establishment in which a semi-automatic time recorder is provided, make entries by means of such recorder in respect of items (a) (ii) to (a) (v), inclusive, on a card provided in terms of subclause (2):

Provided that if an employee is unable to read and write, his employer shall on his behalf make and sign the necessary entries in respect of items (a) (ii) to (a) (v), inclusive.

(4) An employer shall retain such attendance register or cards, as the case may be, for a period of not less than three years after the date of the last entry therein or thereon.

(5) Every entry in an attendance register shall be made in ink or indelible pencil.

(6) This clause shall not apply to an employee referred to in clause 5 (9) (a), or a delivery employee.

(2) Indien daar 'n ooreenkoms ingevolge die tweede voorbehoudsbepaling van subklousule (1) bestaan, moet die betaling in plaas van kennisgewing eweredig wees aan die kennisgewingstermyn waaroor daar ooreengekom is.

(3) Die kennisgewing by subklousule (1) voorgeskryf, kan op enige werkdag geskied: Met dien verstande dat—

(i) die kennisgewingstermyn nie mag saamval nie met, en die kennisgewing nie mag geskied nie gedurende 'n werknemer se afwesigheid met verlof ingevolge klousule 6 of enige tydperk van militêre opleiding of diens wat 'n werknemer ingevolge die Verdedigingswet, 1957, ondergaan;

(ii) daar nie gedurende 'n werknemer se afwesigheid met siekteverlof ooreenkomstig klousule 7 kennis gegee mag word nie.

(4) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie Vasstelling mag 'n werkgewer, in die geval waar 'n werknemer sy dienskontrak beëindig deur sy diens te verlaat sonder om kennis te gee en sonder om die kennisgewingstermyn uit te dien of sonder om sy werkgewer te betaal in plaas van kennis te gee, uit enige geld wat hy sodanige werknemer uit hoofde van enige bepaling van hierdie Vasstelling skuld, aan homself 'n bedrag toeëien van hoogstens dié wat sodanige werknemer hom sou moes betaal het in plaas van kennis te gee: Met dien verstande dat wanneer 'n werkgewer 'n bedrag aldus aan homself toegeëien het in plaas van kennisgewing, daar by die toepassing van klousule 6 (5) geag word dat die werknemer die werkgewer betaal het in plaas van kennis te gee.

## 13. BYWONINGSREGISTER

(1) 'n Werkgewer moet in sy bedryfsinrigting 'n bywoningsregister voorsien in die vorm voorgeskryf in die Tweede Bylae van hierdie Vasstelling: Met dien verstande dat 'n werkgewer in plaas van sodanige bywoningsregister, 'n halfoutomatiese tydregistreerder kan verskaf met die nodige kaarte wat soortgelyke inligting weergee.

(2) 'n Werkgewer moet daagliks in sodanige bywoningsregister aantekeninge hou van die naam en beroep van elke werknemer of, as hy 'n halfoutomatiese tydregistreerder verskaf het, moet hy aan elke werknemer 'n kaart verskaf wat die naam van die werknemer en die datum van die einde van die week ten opsigte waarvan dit gebruik moet word, aandui.

(3) Tensy hy deur 'n onvermydelike oorsaak verhinder word om dit te doen, moet elke werknemer ten opsigte van elke dag wat hy gewerk het, en op dié dag—

(a) in sodanige bywoningsregister—

(i) sy handtekening;

(ii) die tydstip waarop hy begin werk het;

(iii) die aanvangstyd en ophoutyd van elke etens- of ander pouse wat nie as gewone werkure gereken kan word nie;

(iv) die totale getal ure gewerk; en

(v) die aflooptyd van werk vir die dag; aanteken, of

(b) in 'n bedryfsinrigting waarin 'n halfoutomatiese tydregistreerder verskaf word, inskrywings ten opsigte van items (a) (ii) tot en met (a) (v) deur middel van sodanige registreerder maak op die kaart wat ingevolge subklousule (2) verskaf is:

Met dien verstande dat as 'n werknemer nie kan lees en skryf nie, sy werkgewer namens hom die nodige inskrywings ten opsigte van items (a) (ii) tot en met (a) (v) moet maak en onderteken.

(4) 'n Werkgewer moet so 'n bywoningsregister of kaarte, na gelang van die geval, vir 'n tydperk van minstens drie jaar na die datum van die laaste inskrywing daarin of daarop bewaar.

(5) Alle inskrywings in 'n bywoningsregister moet in ink of inkpotlood geskied.

(6) Hierdie klousule is nie op 'n werknemer in klousule 5 (9) (a) bedoel, of 'n besteller van toepassing nie.

## FIRST SCHEDULE

I/We (a).....carrying on business in the Catering Trade at.....

.....

hereby certify that Mr/Mrs/Miss.....
was employed by me/us (a) from the.....day of .....19..... to the.....day of .....19....., as (b).....
..... On termination of employment his/her (a) wage was.....rands..... cents per week.

.....
Signature of employer or authorised representative

Date.....

(a) Delete whichever is inapplicable.
(b) State occupation in which employee was wholly or mainly engaged, e.g. clerk waiter, general worker.

## EERSTE BYLAE

Ek/Ons (a).....
wat die Verversingsbedryf beoefen te.....

.....

verklaar hierby dat mnr./mev./mej.....
in my/ons (a) diens was van die.....
dag van.....19.....tot die.....
dag van.....19.....as (b).....
By diensbeëindiging was sy/haar (a) loon.....
rand.....sent per week.

.....
Handtekening van werkgewer of gemagtigde verteenwoordiger

Datum.....

(a) Skrap wat nie van toepassing is nie.
(b) Meld die beroep waarin die werknemer uitsluitlik of hoofsaaklik in diens was, bv. klerk, kelner, algemene werker.

## SECOND SCHEDULE

## ATTENDANCE REGISTER

Name of employee ..... Occupation of employee .....

| Date and day of week | | Entries to be made by employee | | | | | | | | | | | Remarks (if any) | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Year..... Month..... | | Signature | Time of commencing work | Intervals off work | | | | Time of finishing work | Overtime worked | | Total number of hours worked | | By employee | By employer, if employee was absent. Reasons for his absence (to be signed by employer) | By inspector |
| Date | Day of week | | | Off | On | Off | On | | From | To | Each day | Each week | | | |
| 1 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 2 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 3 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 4 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 5 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 6 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 7 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 8 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 9 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 10 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 11 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 12 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 14 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 15 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 19 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 20 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 21 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 22 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 23 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 24 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 25 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 26 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 27 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 28 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 29 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 30 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 31 | | | | | | | | | | | | | | | |

*Note.*—Under headings "Off" and "On" in column referring to "intervals" insert time when interval commences and time when work is resumed. An employee is deemed to be at work for any interval in his work if he is not free to leave the establishment for the whole of the interval.

TWEEDE BYLAE

BYWONINGSREGISTER

Naam van werknemer ..... Beroep van werknemer .....

| Datum en dag van week | | Besonderhede wat deur werknemer ingeskryf moet word | | | | | | | | | | | Opmerkings (as dit nodig is) | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Jaar..... Maand..... | | Handtekening | Tyd waarop werk 'n aanvang neem | Dienspouses | | | | Tyd waarop werk gestaak word | Oortyd gewerk | | Totale getal ure gewerk | | Deur werknemer | Deur werkgewer as werknemer afwesig was. Redes vir sy afwesigheid (moet deur werkgewer geteken wor ) | Deur inspekteur |
| Datum | Dag van week | | | Van diens af | Op diens | Van diens af | Op diens | | Van- af | Tot | Elke dag | Elke week | | | |
| 1 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 2 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 3 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 4 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 5 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 6 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 7 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 8 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 9 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 10 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 11 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 12 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 14 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 15 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 19 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 20 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 21 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 22 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 23 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 24 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 25 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 26 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 27 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 28 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 29 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 30 | | | | | | | | | | | | | | | |
| 31 | | | | | | | | | | | | | | | |

*Opmerking*.—Onder die opskrifte "Van diens af" en "Op diens" in die kolom "Dienspouses", skryf die tyd in waarop 'n pouse begin en die tyd waarop die werk hervat word. 'n Werknemer word geag gedurende 'n werkpouse op diens te wees as dit hom nie vrystaan om die bedryfsinrigting vir die hele pouse te verlaat nie.

I. J. CLAASSENS, Chairman.
A. S. TREURNICHT, Member.
I. J. SCHUTTE, Additional Member.
D. J. ODENDAAL, Secretary.
Pretoria, 25 March 1975.

I. J. CLAASSENS, Voorsitter.
A. S. TREURNICHT, Lid.
I. J. SCHUTTE, Addisionele Lid.
D. J. ODENDAAL, Sekretaris.
Pretoria, 25 Maart 1975.

## DEPARTMENT OF MINES

No. 1158 13 June 1975

### DECLARATION OF CONTROLLED WORKS AND RISK WORK

The Minister of Mines has, in terms of section 10 of the Occupational Diseases in Mines and Works Act, 1973 (Act 78 of 1973), declared the following works to be a controlled works with effect from 1 August 1975:

The works of Chemfos Limited, P.O. Box 66, Meyerton, situate in the Magisterial District of Vereeniging, Province of the Transvaal.

All work at places in the works where the following operations are performed has been declared risk work by

## DEPARTEMENT VAN MYNWESE

No. 1158 13 Junie 1975

### VERKLARING TOT BEHEERDE BEDRYF EN RISIKOWERK

Die Minister van Mynwese het kragtens artikel 10 van die Wet op Bedryfsiektes in Myne en Bedrywe, 1973 (Wet 78 van 1973), die volgende bedryf met ingang van 1 Augustus 1975 tot 'n beheerde bedryf verklaar:

Die bedryf van Chemfos Beperk, Posbus 66, Meyerton, geleë in die landdrosdistrik Vereeniging, provinsie Transvaal.

Alle werk by plekke in die bedryf waar die volgende bedrywighede plaasvind, is met ingang van dieselfde

the Minister in terms of section 13 of the said Act with effect from the same date (i.e. 1 August 1975):

(a) Calmafos bagging.

(b) Calcium silicate rod crushing.

(c) Raw materials tipping on to conveyor belts.

(d) Sorting, screening and crushing of raw materials.

(e) Furnace charging and tapping.

(f) Crushing and bagging of calcium silicate.

The following work at the works is excluded from the declaration:

(i) Administrative work;

(ii) work in laboratories, other than sample preparation work; and

(iii) work of a temporary nature performed by contractors or their employees which is completed within a period not exceeding 12 months.

## DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION

No. 1153 13 June 1975

### BUREAU OF HERALDRY

### APPLICATION FOR REGISTRATION OF A NAME AND OBJECTIONS THERETO

[Sections 7A and 7B of the Heraldry Act, 1962 (Act 18 of 1962), as amended]

The following institution has applied in terms of section 7 of the Heraldry Act, 1962 (Act 18 of 1962), for the registration of its name. Anyone wishing to object to the registration of this name on the ground that such a registration will encroach upon rights to which he is legally entitled, should do so within two months of the date of publication of this notice upon a form obtainable from the State Herald, Private Bag X236, Pretoria, 0001.

*Applicant.*—The South African Institute of Building Designers (H4/3/1/2411).

*Name.*—The South African Institute of Building Designers.

## DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 1163 13 June 1975

### RETENTION OF THE TITLE "HONOURABLE"

It is hereby notified that the State President has been pleased to approve of the retention of the title "Honourable" by Andries Heydenrich Vosloo, former Administrator of the Province of the Cape of Good Hope.

# GENERAL NOTICES

### NOTICE 354 OF 1975

### NOTICE TO OWNERS AND MORTGAGEES IN TERMS OF SUBSECTION (2) OF SECTION 33 OF THE COMMUNITY DEVELOPMENT ACT, 1966 (ACT 3 OF 1966) WHOSE ADDRESSES ARE UNKNOWN

Owners of and mortgagees over the undermentioned properties are hereby notified that the provisional basic values thereof have been determined as indicated in the Schedule to this notice.

datum (d.i. 1 Augustus 1975) kragtens artikel 13 van genoemde Wet deur die Minister tot risikowerk verklaar:

(a) Calmafossakvulling.

(b) Kalsiumsilikaatstaafvergruising.

(c) Grondstofstorting op vervoerbande.

(d) Grondstofsortering, -siwwery en -vergruising.

(e) Oondlaaiery en -aftapping.

(f) Kalsiumsilikaatvergruising en -sakvulling.

Die volgende werk by die bedryf is uitgesluit van die verklaring:

(i) Administratiewe werk;

(ii) ander werk in laboratoriums as monstervoorbereidingswerk; en

(iii) werk van 'n tydelike aard wat deur kontrakteurs of hul werknemers verrig word en binne 'n tydperk van hoogstens 12 maande afgehandel is.

## DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

No. 1153 13 Junie 1975

### BURO VIR HERALDIEK

### AANSOEK OM REGISTRASIE VAN 'N NAAM EN BESWARE DAARTEEN

[Artikels 7A en 7B van die Heraldiekwet, 1962 (Wet 18 van 1962), soos gewysig]

Ondergenoemde inrigting het kragtens artikel 7 van die Heraldiekwet, 1962 (Wet 18 van 1962), aansoek gedoen om die registrasie van sy naam. Enigeen wat teen die registrasie van hierdie naam, beswaar wil aanteken op grond daarvan dat so 'n registrasie inbreuk sal maak op regte wat hom wettiglik toekom, moet dit doen binne twee maande na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing op 'n vorm wat van die Staatsheraldikus, Privaatsak X236, Pretoria, 0001, verkrygbaar is.

